# Lesing 1 - 02 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Maleagi 4

4:5 **Kyk, Ek stuur julle die profeet EliJaH[ûW]** voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.

4:6 En hy sal **die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders**, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie. [Wysheid van Sirah 48:10]

Mattheus 17

17:10 En Sy studente vra Hom en sê: Waarom sê die skrywers dan dat **EliJaHûW eers moet kom**?

17:11 En JaHWèshua antwoord en sê vir hulle: Dit is die Waarheid, **EliJaHûW kom eers en sal alles herstel**;

17:12 maar Ek sê vir julle dat **EliJaHûW al gekom het**, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die Adam ook deur hulle ly. [1 Konings 17]

17:13 Toe verstaan die studente dat Hy met hulle van **JeHôWganan die Wasser** gespreek het.

**Mattheus 11:13** Want al die profete en die Wet het tot op **JeHôWganan** geprofeteer.

11:14 En <u>as julle dit wil aanneem</u>: **hy is EliJaHûW** wat sou kom.

11:15 **Wie ore het** om te hoor, laat hom hoor.

Evangelie van Nikodemus 2

***Henog en EliJaHûW***

**Hoofstuk 9:1** EN terwyl Hy (**JaHshua**) na die Paradys gaan, neem Hy Adam by die hand en gee hom en al die apartes oor aan die Hoof-Boodskapper MikaEl.

1a En toe hulle die Poort van die Paradys binnetree, ontmoet twee ou manne hulle, aan wie die apartheidsvaders sê: Wie is u wat die dood nie gesien het en in die Doderyk/Sheol nie neergedaal het nie, **maar met u liggame, sowel as u siele in die Paradys woon?**

1b Een van hulle antwoord en sê: Ek is Henog wat JaHWeH behaag het en hierheen oorgeplaas is.

1c En hierdie een is **EliJaHûW die Thisbiet**, en ons sal leef tot aan die einde van die wêreld, **maar dan sal ons deur JaHWeH gestuur word om die vals gesalfde teen te staan,**

1d en ons sal deur hom doodgemaak word en **na drie dae weer opstaan** en weggeruk word in die Wolkkolom om Elohim tegemoet te gaan.

Volksleiding Boek 6 - Hoofstuk 7 - Die Aankondiging van die Voorloper (*BD 7062 - 10 Maart 1958*)

..... Ek kan nou wel telkens weer **die suiwer waarheid deur My Gees** na die aarde toe stuur, maar Ek sal ook nou nie die mense onvry maak, deurdat Ek aan hulle die waarheid sal opdring nie. Maar solank die mense hulself **vrywillig** aan My ter beskikking stel en hulself as **opnamehouers van My Gees** omvorm, solank is dit ook steeds weer moontlik om elke bestaande dwaling reg te stel, en om iedere onduidelike vraag op te helder en die mense `n suiwer "lig" te gee wat van My af uitgaan - **die OERlig van die Ewigheid.**

Maar die mense hou daarom nog steeds vas aan die **misvormde leerstellings** met `n taaiheid waaragter My teëstander staan, wat altyd teen die **Lig van die Waarheid** sal stry. En so het hyself oor die mense `n byna ondeurdringbare nag uitgesprei, **omdat leuen en dwaling gelyk staan met duisternis**. Maar vir My ligdraers word dit buitengewoon moeilik gemaak om die geestelike duisternis te deurbreek, omdat die mense al so verblind is **dat hulle die ware lig nie meer kan herken nie.**

**Daarom sal `n magtige "lig" verskyn wat van My en My Wederkoms in die wolke sal getuig**. Dit sal getuig van die oordeel en die wegneming van Myne op die dag van die oordeel. **`n Stralende helder lig sal verskyn en opnuut My suiwer Woord verkondig. `n "Roepende in die wêreldwoestyn" sal te voorskyn kom** en die mense uit hulle doodslaap probeer wakker skud.

**Hy sal diegene te hulp kom wat van My en My werk aan die mense getuig**. **Hy sal die waarheid van dit bevestig wat deur die werk van My Gees aan die mensdom oorgebring word**. Hy sal `n **geweldige taal** spreek en **niemand regverdig wat die duister pad bewandel nie.** En hy sal die **magtiges** ook nie vrees nie, maar hulle **masker van hulle gesigte aftrek**, hy sal hulle onder skoot plaas en hulle ware gesindheid openbaar.

Hy sal stry met die "**swaard van die mond**", want hy sal aangeval word deur hoog en laag omdat niemand die suiwer Waarheid wil hoor wat in ooreenstemming **met die leer is wat Ek eens op die aarde gepredik het nie.** Hy is dus My afgesant deur wie se mond Ek Self sal spreek - wat slegs sy laaste missie op die aarde sal vervul, naamlik **om My en My Koms nog eenmaal aan te kondig soos wat dit daar geskrywe staan**. (Maleagi 4: Afr. uitgewer)

Wanneer die "lig" gaan straal, sal u weet dat My Koms voor die deur is en ook die oordeel daarna. Dan sal daar ook ongewone dinge deur hom gebeur, maar dit sal dan die mense vanweë hulle vryheid van wil nie meer skade berokken nie. Hy sal maar weinig geloof vind **en slegs hulle wat ontwaak het, sal hom en sy missie herken**. Vir die geestelike swakkes sal hy egter `n buitengewone sterk hulp beteken, **want sy woord sal vol van krag wees.**

Dan het die **laaste fase** van die aarde ook gekom, want die roepende sal die heftigste teëstander wees van hom wat die **mense tot heerser** sal uitroep, **waarin My teëstander homself sal beliggaam** om die laaste skandelike werk teen My te onderneem. Want nou sal die **geloofstryd** ontbrand en Myne sal in **die "lig" wat Ek self na die aarde stuur**, `n groot steun hê. Hulle sal baie krag ontvang om stand te hou in die tyd van die grootste nood, wat My Koms vooraf sal gaan. Ek sal julle, My getroues, nie sonder hulp laat nie, en sodat julle moet sterk bly, kondig **Ek vir julle die "lig", die roepende aan**. Ek sal aan die bedrywighede van My vyand `n einde maak, om dan die Waarheid na die uiteindelike oorwinning te voer. Amein.

Volksleiding Boek 6 - DIE VOORLOPER IN JOU
Deel 1 - Hoofstuk 1 - Wedergeboorte as konsep

***(Gedikteer aan Nalize Roets)***

Ek, die Skepper van alles wat bestaan, het ook die moontlikheid vir **alles wat bestaan geskep om volkome met My te verenig**. Hierdie vereniging staan bekend as die **Wedergeboorte** in moderne taal en hierdie skrywe het ten doel om jou, leser, op die Weg daartoe te lei.

Die eerste boek in My Reeks het aan jou getoon hoe om te lewe om My te **vind**, die tweede, hoe om te lewe om My **lief te hê**, die derde, **hoe om te lewe** om jou plek volwaardig in te neem **as My Skepping**, die vierde, hoe om My in jou **daaglikse bestaan te vind** en teenwoordig te voel, die vyfde, **hoe om jou wese aan My oor te gee.** Die sesde is nou **die voorloper in jou** en die sewende is **volwaardige diens in My Ryk**. Amein.

Hierdie werk is die sterkte wat jy nodig het **om die Krag in jou te ontsluit.** Ek openbaar dit aan jou, omdat jy, My skepping, My Liefde in jou dra en uitleef en omdat jy, My Liefling, **nou My kinders opvoed in My diens**. Jou werk IN My het begin deurdat jy nou jou **lewe opgegee het** om alles in My joune te maak, ook **die nederigheid**, ter **oprigting van jou swak naaste**.

Ek het ieder en elk geskape en daarom sal Ek nie toelaat dat julle verlore gaan nie. Ek is hier om julle nader te trek aan My boesem en elkeen wat gesoek het, het My nou in hulleself gevind. Laat dit daarom dan nie lank uitbly **om My te openbaar in die Liefde aan jou naaste nie**. Jou woord en daad kan dié van My wees as jy dit ter harte neem om tot op hierdie vlak met My te vorder. Amein.

Waarom soek jy My in jou naaste alleen as Ek nog die hele tyd jou gevoel is om jou deur al die skrywes en oefening tot eenwording te lei en te help?

**Waarom vind jy nog nie jou naaste in My nie?**

Is dit nie goedgelowig om te dink dat almal My Beeld dra en uitleef, al fouteer hulle soveel rondom jou nie?

**Waarom is dit vir jou moeilik om jouself in My te vind**?

Dalk omdat dit **sleutels ontbreek** wat jou met My verenig? Hier is Ek dan nou om dit aan jou te gee en te ontsluit, omdat geen ander buite My dit kan doen nie. Jy het van My uitgegaan om weer na My te moet terugkeer en om dus weer met My te verenig. Maak dit nou jou grootste doelwit en jy sal die roete daarheen, wel op die nou pad, nie te swaar vind nie, want Ek het reeds jou las gedra. Amein.

Die las waarna Ek verwys is lank voor die grondlegging van die aarde daargestel toe jy en vele ander dalk die weg van eiewaan gekies het om self te heers buite My. **Lucifer se val het vele agter hom aangetrek** en Ek, as Liefde, het ingetree om julle vernietiging barmhartig af te wend. Ek het die Godheid om Barmhartigheid gesmeek, sodat julle nog 'n kans op ontwikkeling en terugkeer mag hê, alhoewel in 'n gekluisterde toestand. Die toestand waarin jy jou nou bevind, is die **kluistering in die materie**, wat My noop om aan te hou groei in Barmhartigheid. Alles van die Godheid kan vergroot, net soos die Liefde en Wysheid. Die Krag vergroot, sodra jy as skepping weer terugkeer en verenig met die Godheid, want dan ís jou Krag op 'n hoër vlak. As jy nie deel was van dié wat uit eie wil wat na die verkeerde kant begin draai het, geval het nie, **dan is jy deel van dié wat ooreengekom het om My liggaam aan te neem as Mens en te kom herstel en lei.**

Jy het dan 'n baie groot verantwoordelikheid en nie noodwendig 'n kleiner kans tot groei in die Drie-eenheid as die res waaronder jy diens moet doen nie. Jy moet maar net jou plek en plig opneem en begin dien. Amein. (***Drie-Eenheid = Liefde, Wysheid en Krag***)

Die diensbaarheid lê eerstens daarin **dat jy jou liggaam bekeer tot reinheid en Ewige Lig**. Tweedens lê die diensbaarheid daarin dat jy jouself per keuse weer **aan My as skepsel onderwerp en My alleen wil behaag.** Derdens is die keuse joune **om alles op te gee**, **sodat geen besit of belange jou van diensbaarheid onder jou naastes wegtrek nie**.

Laat Ek jou droom en toevlug bly en jy sal die grootste vreugde in My in almal rondom jou vind. Soek My – Ek is altyd te vinde.

Amein.

Volksleiding Boek 6 - DIE VOORLOPER IN JOU
Deel 1 - Hoofstuk 2 - Die begin van My in jou

***(Gedikteer aan Nalize Roets)***

**Die Waarheid sal jou vrymaak** en daarom word jy vry as jy My **in jouself** vind. **Ek is die Waarheid, die Weg en die Lewe**. Wie in My bly en Ek in hom, dra veel vrug en sonder My kan julle niks doen nie.

**Geen ander Waarheid is daar buite My nie** en daarom wil Ek aan jou hierdie reeks bring om jou die Weg, herkoms en heenkome te toon tussen al die aardse wat as **skynbeeld** vir jou geskape is om jou tot Vryheid in My te laat ontwikkel. Ek het jou lief en daarom hoef jy nie vêr te soek om My in jou te vind nie. **Alles is joune as jy My as erfdeel verkry** en daarom is alle weë ook tot jou beskikking as jy in My ontwikkel, want jy raak kragdraend, soos Ek en het 'n wil, soos Ek, maar daarom kan dit net tot die hoogste saligheid ontwikkel in My. Buite My is daar altyd 'n beperking van een of ander aard. Soek My terwyl Ek nog te vinde is, want alhoewel hierdie skynbeeld sal bly bestaan, totdat Ek die orde daarvan ophef om 'n nuwe orde daar te stel, sal jy nie tot aan die einde in staat wees om My te vind soos nou nie. Jy moet egter daarin slaag om My in elke situasie te vind as toevlug, sodat jy die einde van hierdie orde kan deurleef in My. Amein.

Waar vind jy My dan? Ja, wel in jou hart, maar daar is 'n dieper plek waar Ek nie net 'n gewete, vriend, eggenoot of alles vir jou is nie, **maar ook jou hartklop, jou bestaan in die ewigheid.** Dit is die begin van My in jou. Daardie vonk IS jou bestaan in die werklikheid. Solank soos wat jy asemhaal is daardie vonk van My in jou en kan dit groei tot 'n allesoorheersende vlam, maar wanneer jy hier ontslaap, neem **Ek daardie vonk om geweeg te word** en die oordeel wat jy vir jouself gekies het, sal jou lot wees vir 'n baie lang tyd.
Amein.

Hoofstuk 3

## Die Lewe in jouself

Daar waar My vonk van **Lig, Lewe en Liefde** in jou binneste brand, daar is jy in staat om te skep, soos Ek – skeppings wat lewe, soos jy. Jy word egter nie toegelaat om die vonk te vind en te gebruik solank soos wat Ek nie jou Bron is nie. As alles wat jy doen uit My ontstaan en in My lewe, sal jou skeppings tot lewe geroep word en jy ook in My lewe as volkome wedergeborene. **Jou skepping hang dus af van jou vereniging met My**.

In hierdie sin wil Ek jou **vrugbaarheid** aanspreek. Die oomblik wat jy daardie vonk in die lewe roep of betrek by die vorm van 'n nuwe lewe of nageslag, sal die nageslag die vonk in nog 'n groter mate deelagtig word vanaf die heel begin, want jy sal die Kern van die Liefde in hulle lê tydens bevrugting. Jy sal nie afwyk van die suiwerheid waarmee die oorspronklike gedagte om 'n nageslag gevorm is nie en die skepping sal dus met 'n voorsprong die suiwerheid van jou Lig, Lewe en Liefde in hulleself opneem om nóg nader aan die Almagtige LiefdesBron te kring. **Só word die aarde geseën deur jou nageslag, want al hoe meer Lewe word geskep** in hierdie skynbeeld en dus sal al hoe meer lewe die Lig vind, soos julle. Wees seker om elke oomblik te kies om in die Kring van Lig, Lewe en Liefde in jouself te beweeg, **sodat al die krag wat jy gebruik tot eer en in die Ligkring van die Almagtige self beweeg.**

Jy sal ook in staat word daartoe om skeppings te verbuig, te versamel en te verbruik tot My eer deur jou krag reg aan te wend as jy in My sfeer binne jou beweeg deur toe te laat dat die wil van dit waarmee jy werk in diens van die Allerhoogste floreer. Jy kan dus insprake uitoefen op alles wat rondom jou lewe se wil, deur suiwerheid in jou wil. As jy geen eiebelang of hoogmoed toepas by die wil wat jy gebruik nie, **sal die skepping hom aan jou onderwerp om ook te wil wat die Almagtige wil.** Alles is om die werklikheid in die skynbestaan te ontsluit tot verheffing van die verlorenes uit hulle gevalle toestand. Geen wil sal egter beïnvloed of gedraai word om die siel tot nadeel te strek nie, maar uitsluitlik om die lewende voor jou, **geleentheid te gee om te kies** om op die regte nou Weg die ewigheid deelagtig te word.
Amein.



# Lesing 4 - 06 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Volksleiding Boek 6 - DIE VOORLOPER IN JOU
Deel 1 - Hoofstuk 4 -
Die inhoud van materie

***(Gedikteer aan Nalize Roets)***

Hierdie konsep is al vele kere uitgestip deur wat geskryf is. Ook in die Bybel as My Woord, is daar gemeld hoe materie ontstaan het en waar Ek deel geword het daarvan, maar die **inhoud van materie** as bron van ontwikkeling in die Ewige Liefde het nog nie veel aandag geniet in hedendaagse skrywes nie.

Ek is die Skepper van alles wat bestaan en kan daarom aan jou die inhoud so duidelik uitlê, soos wat jy op hierdie stadium kan begryp. Alles is nodig om jou te verlig om dieper met My Wese te verenig, sodat die Lewe van Waarheid vir jou werklikheid word soos wat jy aangaan. Wees verseker dat alles sal vergaan as Ek My van enige iets onttrek. **Ek is die Bron en dus die eerste inhoud van materie.**

Ek as inhoud is egter nie waarneembaar nie, selfs nie in die beste wetenskaplike laboratorium nie, **want Ek is dit wat alles aanmekaar hou** en deur die slimmes van hierdie aarde ontken word. Jy sal My nie nodig vind of waarneem as jy My ontken nie, maar die oomblik as jy **uit jou gekluisterde toestand in die materie vrykom**, sal jy verstaan waarom Ek wel die kern van alle materie uitmaak. Jy sal selfs alles wat jy nou sien in 'n hoër of laer mate op ander plekke in die heelal vind en steeds weet waarom Ek die kern daarvan uitmaak as jy My begin raadpleeg. Amein.

Laat dit dan nie lank uitbly om die inhoud van wat jy sien te koppel aan die Kern van alles wat bestaan nie.

**Alle materie is dan die vasgevangde siele van engele wat teen My gedraai het.**

Die siele word gelei deur **swaarkry, loutering en ontnugtering tot hoër vlakke**, waar hulle wil dan weer per keuse met My wil sal verenig. So lank soos wat 'n siel hard bly en die weg kies wat aanvanklik sy val bewerk het, sal hy voortbestaan in die **hardste vorms** van materie, wat ook die meeste swaar behandeling ondergaan. Hoe nader die wil aan suiwerheid neig, hoe **sagter** raak die voorwerp of lewende organisme waarin die siel opgeneem word. Hierdie is soos die lewens-kringloop van Lig bewerk word: deur die swaar, donkerte van die aarde, sal die skemer en later die dag die lewe van die skepping omvorm totdat dit opgaan in My Wil **en ewige Lig deelagtig raak.**

Jy as mens is die verste gevorder op jou weg na die Ewige dag en Ewige Lig, maar jy moet steeds daagliks **sieledele van die gevallenes in jou opneem deur die voedsel wat jy eet en die water wat jy drink**. Hierdie omvorming van alles wat jy inneem om te veredel in die Waarheid of die onderwerping aan My Wil is 'n keuse en hang af van jou wil daardie dag. Jy kan kies om sekere oomblikke op te gee en net na willekeur te eet en te drink en dit kan vir jou 'n swaar tyd meebring waarin sieledele 'n groot inspraak op jou wil het. As jy dan nie toegee nie, word ook dit wat jy inneem se wil onderwerp aan My wil, maar te veel kere is 'n enkele oomblik van waardes oorboord-gooi en inneem na willekeur, **al wat Satan verlang om weer 'n houvas op jou te hê.** **<u>Nederigheid</u>** is egter die sleutel tot oorwinning hierin.

As jy in nederigheid al die neigings van jou liggaam oorheers deur dit te onderwerp aan **diensbaarheid teenoor My of jou naaste**, sal die neiging spoedig die wyk neem, omdat dit nie kan standhou in die Ware Lig nie. **Die Lig van My in jou verdryf alle kwaad en is jou swaard teen die aanvalle** van die bose wat ewe hard stry om jou terug te neem as gekluisterde in die ewigheid. **Word deel van My wat heers en** die heerskappy is ewig joune in My. Die heerskappy waarna Ek verwys is egter nie buite die Liefde of Barmhartigheid, soos die bose se heerskappy nie. As jy egter vlakke van vrees of duister beleef, kan jy maar eerder jou rug daarop keer en weer in nederigheid die Ware in jouself gaan soek.

Ek stuur jou na geen ander **as na jou innerlike toe nie**, omdat Ek die beste weet hoe om jou probleme aan jouself te ontsluit. As jy dan die vrees se oorsaak in jou raaksien, maak vrede daarmee deur dit aan My oor te gee en te vertrou dat Ek dit sal uitklaar en jy deur vergifnis en verootmoediging weer blydskap in My sal vind. Net as jy vreugde in My ervaar, kan jy die Lig in jou waardeer, daarom wil Ek jou daarheen lei. Amein.

# Lesing 5 - 07 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Volksleiding Boek 6 - DIE VOORLOPER IN JOU
Deel 1 - Hoofstuk 5 -
Vreugde as voorloper van Krag in jou

***(Gedikteer aan Nalize Roets4/5/09)***

Nêrens is groter vreugde te vind as tussen **gemeen-saamheid van gelowiges** nie. Die herkenning van Lig in andere rondom jou is die grootste vreugde as jy hulle binne My vind. Ek is die Liefde van elkeen wat na My gekeer het en daarom is die herkenning van elkeen wat My eerste vind in hulleself, die Vreugde van die Skepper oor die skepsel of verlore seun wat sy weg teruggevind het na die Vaderhuis.

As jy die feesviering van die familie beleef in herken-ning van My huislede, sal jy die vreugde van My beleef in die skepping van My volk. Ek is die Enige en Grootse Maker wat meer en meer versamel in My Huis en aan hulle vreugde gee as eerste gawe van Bo. **Herken My dus ook in ware vreugde.** Sodra jy die vreugde van Bo deel maak van jou daaglikse wandel deur nie versteur te word uit jou **vrede en rus van Bo** nie, sal jy blywende krag in jou vermeerder. Handel volgens die Woord in jou hart, in gehoorsaamheid aan My Orde en jy sal die Vreugde en só ook die Krag deelagtig word. Amein.

Hierdie riglyne is gegee om jou nader te trek aan die **Kern van ontwikkeling in die Gees**, dus nader aan My. EK IS die spreker wat jou deur die Gees hierdie leesstof bring om te vra dat jy jou weë rig op die **Weg van Apartheid en Rus alleen.**

Wees nie afgehaal deur andere se onvanpaste en snedige houdings nie. Bly apart deur jou vreugde wat jy in My gevind het **te bly uitstraal**. EK IS Liefde en sal jou oneindig versterk as jy My daarom vra. Die Krag is die belangrike bron van al jou werk in My diens en daarom sal die Krag jou verlustiging bly as jy deur die deur van Vreugde My vermoëns deelagtig word.

**Seën ander** in My Naam, al is dit net in die stilte van jou hart, as eerste stap tot vreugde. **Beloof elke dag jou weg aan My** as tweede stap tot vreugde in jou hart. Laastens – hef jou hande op na Bo, dit beteken, laat jou dade die van My wees **deur raadpleging van die Gees**, oorleg met Wysheid en uitvoering in Liefde en jy sal die volkome vreugde deelagtig wees. Pas jou handelinge van Bo ook en eerstens toe op jouself deur te let op respek en Liefde aan jou eie liggaam en siel. Jy mag niks te na kom nie. Slegs dan eer jy My ten volle. Amein.

Hoofstuk 6

Die Waarheid en die Lewe

Ek is beide die **Waarheid** en die **Lewe**. Ek is ook die **Liefde**. Daarom sal jy **deur die Liefde die Waarheid ontsluit en ewig Lewe** en dit is net te kry as 'n Barmhartige gawe van My aan jou, My kind en Vrou. Waarom sal Ek dan meer wil verduidelik oor dié twee Woorde?

Ek wil aan jou **geheimenis op geheimenis** openbaar en daarom lei Ek jou met hierdie reeks stuk vir stuk in die **basisbegrippe** in.

*Lukas 8:10 En Hy (JaHshua) antwoord: Aan julle is dit gegee om die **verborgenhede van die Koninkryk** van die Elohim te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, **terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie.***

Oneindig is die verduidelikings, soos Ek, want oneindig saamgestel en opgeneem in weses is hierdie begrippe tot verligting van siele **op alle vlakke**. Versoening het Ek, Jahshua, aan die vloekhout op Golgota bewerk vir elkeen wat in ootmoed homself terugkeer **na My en My Woord**. My Woord staan egter al van die oerbegin af en word telkens net in ander vorms vervat vir duideliker geestelike begrip aan elke nuwe geslag of skepping. Soos wat die voorbeelde van die tempel en hemelse orde in vorige tye na die beeld van die hemelse ingestel en uitgevoer is, laat Ek dit ook nou instel en uitvoer in die volk, na die voorbeeld van die hemelse, net meer toepaslik vir die nuwe kulture waarmee huisgehou word. Alle oortredings bly dieselfde, maar die wyse waarop dit gedissiplineer word, verskil na gelang van die geestelike ontwikkeling van die nasie waaronder Ek spreek. Amein.

**Jou geestelike ontwikkelingsgang bepaal dan ook die orde** wat Ek aan jou openbaar en só bly jy binne My **orde van waarheid**, maar jy raak net dieper ingelyf in die geestelike Lewe, sodat jy nie vasgevang lewe nie, maar vry om te ontwikkel in My diens en rus. Ek is die Weg wat jy moet bewandel tot volkome Vryheid, dit is ook tot volkome gelykwording met My, maar dit is nie moontlik sonder die Liefde nie.

As jy dus gebind voel, is daar 'n mate van liefdeloos-heid wat jy moet oorkom om te verstaan hoe My orde nie bind nie, **maar bevry**. Jy is deel daarvan, leser en jy moet My slegs liefhê in alle Lewe rondom jou om die vryheid van die skepping in te sien. Jou keuses maak jou net so vry as wat jou liefde jou toelaat.
Amein.

## Hoofstuk 7

### Die voorloper in jou as wegbereider vir JaHshua

5/5/09

Hiermee is die werk dan voltooi, wanneer jy besef hoe die voorloper, naamlik, die EliJaH of Krag in jou, die wegbereider is van die volkomenheid van My Wese in jou. Jy kan dit slegs deelagtig raak deur **die pad van EliJaH te stap** en sodoende die Weg vir My te berei. **Ontsluit die Krag van Bo in jou, wat opgesluit is in die geestesvonk wat Ek in jou geplaas het,** want My sterfte het dit moontlik gemaak om weer jou aarde oop te breek, sodat die Hemelse Lig daardeur kan skyn.

**Drink My Wyn, dit is Liefde, en wees 'n doper in My Naam om andere die Weg van My te vertel**. Deur My te seën in jou, deur volmaak volgens My Wil te lewe, **doop jy jouself in My Bloed** en is jy gewas om die kleed van die Apartes deelagtig te wees. Liefde is die begin en Ek, JaHshua, is die Einde. **Jy word net daardeur volkome wedergebore.**

Amein.

## Hoofstuk 1

### Beliggaamde Wesens en die Voorloper

***BD 4899 - 18 Mei 1950***

Ek stuur die Evangelie na die aarde en wanneer julle dit van bo af ontvang, is dit suiwer en nie deur die menslike wil vervals nie. Ek weet dat dit nodig is, omdat talle mense My nie kan vind nie, omdat hulle nie in die waarheid onderrig is nie **en daarom beliggaam Ek Myself in die gees van hulle wat My Wil dien**. Dat die waarheid in sy suiwerste vorm na hulle toe sal kom, is 'n lang erkende noodsaak deur My Liefde en Wysheid en dit alleen gee vir My aanleiding om die ontvanger van die waarheid van bo **te beskut teen die invloed van onrein geeste,** wat sy denke sou verwar en die toesending van die waarheid sou wil belemmer.

Wie dus 'n **ontvanger is van My Evangelie** wat Ekself op aarde geleer het, waarvoor Ek weer aan My dienaars op aarde die opdrag gee om dit te versprei, kan gerus wees dat hy in die waarheid sal wees en dat hy as My dissipel van die eindtyd die mense kan leer sonder om bevrees te wees dat hy dwalinge by die onderrig sou kan inmeng. En vanuit hierdie sekerheid moet hy invloed uitoefen op almal wat sy weg kruis. Hy moet homself beskou as My spreker en in My opdrag steeds dit uitdra wat hy van Myself ontvang het, **wat as gewaarwording in hom na bowe kom, omdat dit die suiwer waarheid is**.

Talryke ligwesens is op hierdie oomblik op die aarde **beliggaam**, omdat die groot geestelike nood ook buitengewone hulp vereis, wat slegs deur hierdie ligwesens verleen kan word. Hierdie **ligsiele** is meestal geestelike leiers, dus staan hulle deur 'n lewenswandel na aan My Wil en in noue kontak met My en hulle kan **My leringe dus direk ontvang** en aan die mense oorbring. Hierdie wesens besit 'n graad van rypheid wat 'n afdaling na die dieptes onmoontlik maak. Hulle gaan derhalwe ook altyd in die grootste **deemoed en onbaatsugtigheid** deur die aardse lewe en trag slegs om My Ryk na die mense toe te bring, sonder om self daarvan nut te hê, slegs met die bedoeling **om My te dien en om die mense te help.**

Daarom kan so 'n ligwese wat deur My na die aarde toe gestuur is, homself ook **meermale beliggaam**, indien die geestelike vlak van die mense dit noodsaak. Maar steeds is hierdie beliggaming 'n voortdurende **diening tot aan die einde**, want My Wil in hierdie wesens is oorheersend. Hulle maak hulself vrywillig aan My onderdanig en kan daarom hulle graad van rypheid op aarde ook nie meer verloor nie. Nooit sal laer geeste oor so 'n wese wat as mens beliggaam is, mag hê nie en nooit sal hy onder hulle bose invloed beswyk nie.

Nooit kan 'n reeds volmaakte gees dus op aarde faal nie, d.w.s. sy taak nie vervul nie. Dit kan wel vir die mense lyk asof 'n taak onderbreek is deur 'n skielike terugroep na die geesteryk, of deur menslike vyandige maatreëls wat sy aardse lewe voor die tyd beëindig. Maar daarvan weet Ek sedert ewigheid af en gryp nog steeds nie met My mag in om die wil van die mense onvry te maak nie. Sy verlossingswerk word egter voleindig en alles sal so plaasvind soos wat dit in My heilsplan van ewigheid bestem is.

Ook die mees volmaakte geeste uit die Hemel sal hulself tydelik beliggaam om 'n geestelike vooruitgang onder die mense te bereik, want sonder sulke hulp sou die mense te swak gewees het vir teenstand. En dan kan die dooies ook uit hulle grafte verrys en die wat volledig blind is in die gees kan deur 'n helder verligte bliksemstraal van bo wakker geskud word en siende word.

Dan sal dit egter die tyd van die einde wees waarin ook My Wederkoms verwag kan word, wat ook steeds deur sieners en profete aangekondig word. **Voordat Ek egter sal kom, sal die "grootste Lig" op aarde straal, maar in die eenvoudigste gewaad. Die "Lig" sal nogeens van My getuig,** soos wat hy dit gedoen het voor My optrede in die vlees op hierdie aarde, alvorens Ek aan die mense, vir wie Ek die Evangelie gebring het, onderrig het.

**Hy was My Voorloper en sal dit ook nou weer wees**. Julle mense sal hom aan sy spraak herken, want hy sal dieselfde woorde kies en van My getuig soos wat hy dit destyds gedoen het. **Sy gees sal slegs na die aarde toe kom om die Wet te vervul**, derhalwe moet hy My

voorgaan in die volste insig van sy herkoms en sy opdrag.

Hy sal alles deursien en sal ook sy aardse lot ken waaraan hy homself egter nie sal onttrek nie, want dit is ook deel van die verlossingswerk waaraan hy sal deelneem, uit liefde vir die onverlostes. **Hy weet dus dat die taak eers met sy dood vervul sal wees en hy het geen ander verlange nie,** as die uiteindelike vereniging met My, sy Meester en Meester, sy Vriend en Broer, sy Vader van die Ewigheid. **Wanneer hy sal verskyn, is die einde naby, want Ek sal hom spoedig opvolg en My aankondiginge waar maak**.

***Openbaring 11:7*** *En wanneer hulle hul Getuienis voleindig het, sal die Dier wat uit die Afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en* ***hulle oorwin en hulle doodmaak;***

My Wederkoms is die laaste fase voor die algehele vernietiging van die aarde met alles wat leef en dan sal vervul word soos wat dit geskrywe staan: Daar sal ‘n nuwe hemel en ‘n Nuwe Aarde ontstaan, waarin Ek midde onder Myne sal wees, waar slegs een Herder en een kudde sal wees, omdat **almal wat lewe** met My verbind sal wees en hulself sal oopstel vir My verblyf onder hulle. Dan sal alle mense op die Nuwe Aarde My kinders wees tot wie Ekself sal kom as Vader, om aan hulle te gee wat hulle salig sal maak. Amen.

# Lesing 7 - 09 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Wolf in skaapsklere -Voorloper van God voor Sy wederkoms

***Bertha Dudde no 685***

Die teëstander sal `n maklike tyd hê wanneer hy in vermomming rondbeweeg soos `n **wolf in skaapsklere** en die mensdom fassineer met sy voorkoms en woorde. Hy sal elke geleentheid gebruik om skade aan die mensdom te bring. Enigeen wat die kloue van die wolf ten prooi val, sal genadeloos aan flarde geskeur word **nadat hy mag oor die siel verkry het**.

Laat Ek julle daarom vertel: Julle sal hom wat oor die aarde loop (Die Voorloper) herken deur die **vurige swaard van sy tong**. Niemand sal sy woord betwyfel nie, want dit sal goddelik wees en `n uitstraling van God se diepste liefde. Maar moenie in heerlikheid en glorie na hom soek nie, **sy naam** is nederig, onbekend, alhoewel hy homself Johannes *(beteken: Begunstigde van JaH)* noem, het sy sterflike liggaam nie die voorkoms wat hom geestelik versier nie. Hy beweeg onder julle en **leer deur woord en daad** en is `n voorloper van God voor sy terugkeer na die aarde. Waar hy ookal is, sal sy woord getuig van die liefde van God, en hy sal in die harte van die mensdom `n diep **verlange wakker maak na waarheid en lig.**

Glo nie die stemme van die huidige tyd wat julle wil mislei nie, wat julle sinne wil **verdof vir die goeie en edele nie.** Los hulle uit en hou net vas aan dit wat God **van bo af** aan julle stuur, omdat die inklinasie van die teëstander draai in die rigting van die wêreld en nie weg daarvan in die rigting van die ewige Godheid nie.

Wie luister na Johannes se woorde, **sal God se woorde direk hoor** en sy gees sal die ware verlossing verkondig. En wie hom hoor, sal heeltemal oortuig word deur sy woorde. **Hy kom in die lig van die waarheid, niks wêrelds sal aan hom vasklou nie**. Die **land waarin hy woon**, sal geseënd wees deur sy teenwoordigheid. Die uur van oordeel is nie ver weg wanneer Hy verskyn nie. Hy sal alle lyding met geduld aanvaar en net na die stem van God luister.

Onthou hierdie woorde wanneer hy gevange geneem word om sy lot op aarde te verseël. Maar julle mense sal nie in staat wees om God se advokaat te verhoed om uit te voer wat hy ter wille van die mensdom op homself geneem het nie. Julle sal nooit sterk genoeg wees om teen hom te veg sonder straf nie. Maar sy oë sal met sagmoedigheid rus op julle wie hom sal wil seermaak, want sy liefde en geduld sluit almal in wie hom teenstaan in hulle harte. En hy sal baie wen vir homself, want die krag van sy woorde en sy liefde sal groot wees. En die wêreld sal `n groot verlies ly. Die siele sal verdeeld wees in **diegene wat hom erken as hulle verlosser uit die diepste nood** en diegene wie se enigste aandeel die wêreld is. En hulle einde sal die dood van hul liggaam en siel wees.

En so word **lig aan julle gegee** om die dade van diegene te sien wat vra om af te daal, hulle wat wegskram van al die lig van bo, en wat daarna streef om dit te blus, sodat die teëstander die siele kan gryp tydens duisternis.

**Die van julle wat vra vir lig, sal lig ontvang**, die Meester sal nie toelaat dat julle in die duisternis versmag nie, en Hy sal julle beskerm teen die verskeurende wolwe in vermomming wat rondsluip onder Sy kleinvee, en wie daarna streef om verwarring te veroorsaak. Lees Sy Woord en let op die eerste tekens van verwarring. En elkeen wat ore het om te hoor, sal hoor: Die wêreld sal julle nie vrede bring nie, maar slegs Hy, Wie se koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. En Sy vrede sal `n ewige vrede wees en niks in die wêreld sal dit kan vernietig nie en tog sal dit ook regoor die wêreld uitbrei, oor die mense wat die Woord van God sal hoor **uit die mond van `n suiwer dissipel van JaHshua,** wie se liefde die mense wil help en wat God se ewige liefde aan hulle sal verkondig. **Hy sal vrede bring aan al die mense wat van goeie wil is**. Amein.

## Openbaring 11

1 EN 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die Boodskapper het gestaan en gesê: Staan op en meet **die Tempel** van die Elohim en **die Altaar** en die wat daarin aanbid. [Psalm 68:29; Boekrol van Henog 61:2; JôWel 2:17]

2 Maar die **voorhof** buitekant die Tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die nasies gegee; en hulle sal die **Stad van Apartheid** twee-en-veertig maande lank vertrap.

3 En Ek sal aan My <u>**twee getuies**</u> gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer.

4 Hulle is die 1) **twee Olyfbome** en die
2) **twee kandelaars**
wat voor die Meester van die Aarde staan. [Boekrol van Henog 58:4; ZekarJaH 4:2-6, 11-14]

5 En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar **vuur uit hulle Mond** en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.

6 Hulle het mag om die **Hemele te sluit**, sodat daar in die dae van hulle profesie **geen reën** val nie; en hulle het mag oor die **waters**, om dit **in bloed te verander** en om die Aarde te tref met **allerhande plae** so dikwels as hulle wil. [1 Konings 17:1]

7 En wanneer hulle hul Getuienis voleindig het, sal **die Dier wat uit die Afgrond opkom**, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;

8 en hulle lyke sal lê op die straat van die groot Stad wat geestelik genoem word **Sodom en Egipte**, waar ook onse Meester gefolter is.

9 En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke **drie en 'n halwe dag lank sien** en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.

10 Die bewoners van die Aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee Profete die bewoners van die Aarde gepynig het.

11 En ná die drie en 'n halwe dag het 'n **Gees van Lewe uit die Elohim in hulle ingegaan**, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot Vrees het geval op die wat hulle aanskou het.

12 En hulle het 'n groot Stem uit die Hemele vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! **En hulle het opgevaar na die Hemele in die Wolkkolom**, en hul vyande het hulle aanskou.

13 En in dié uur het daar 'n **groot aardbewing** gekom, en 'n tiende van die Stad het geval, en seweduisend adamiete het in die aardbewing omgekom, en die oorblyfsel het bevrees geword en aan die Elohey van die Hemele Majesteit toegebring.

14 Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou.



## Lesing 8 - 11 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

***Die Voorloper in jou - Hoofstuk 3***

### Die Voorloper van die Meester

***Bd 4048 - 5 Mei 1947***

Wat die mense van die eindtyd aangebied word aan barmhartigheid en liefdesbewyse van God; kan hulle ruim vergoed vir die nood en lyding van die tyd, want dit verseker vir hulle `n vinnige vooruitgang as hulle die barmhartigheidsgawes waardeer en na sielerypheid strewe. Dit is die tyd waarvan geskrywe staan **dat God in die Gees by Syne sal bly tot die einde.** Dit is die tyd waarin die mense Hom sal sien **kom in die wolke**, en waarin die **verbinding tussen hemel en aarde opmerklik sal wees**. Nie slegs in die verbeelding van die mense nie, maar in werklikheid, sal wesens op aarde besig wees **en lig versprei**. Waar die mense **vanuit die Hoogte** onderrig sal word, waar God in die Woord Self tot die aarde sal neerdaal en Syne die **Brood van die Lewe aanbied**, waar die mense steeds uit die **Bron van die Lewe** kan skep; daar bied God vir hulle **Self die Lewensdrank** aan om aan hulle **Krag** te verskaf.

En in die tyd sal daar iemand van homself laat spreek wat bestem is om die laaste bode te wees van die Meester en wat as Sy Voorloper, Hom sal aankondig. Hy sal aan die mense die waarheid verkondig en sonder skroom spreek, ofskoon hyself daardeur in gevaar kom om aangeval te word.

Die wêreld laat hom egter onbekommerd en hy verwissel graag die aardse vir die Ewige Lewe. Hy vrees daarom nie die wêreld nie want hy weet, hoe naby die einde is en wat die mense te wagte staan wat nie daarin glo nie. Sy verskyning is al `n buitengewone barmhartigheid, want die mense word voortdurend bedagsaam gemaak op die naderende einde en so aangespoor tot siele-arbeid. Sy aandag word op die Ewigheid gerig en in hom sal `n buitengewone krag wees, sodat hy siekes sal kan genees en hulp sal bring waar dit nodig is - terwyl dit van die kant van die mense onmoontlik lyk. Hy sal ook `n voorbeeldige lewe in liefde lei en **God se Gees sal hom vervul**. God sal Self deur hom werk en wie hom aanhoor, hoor God self aan, hy hoor Sy Woord deur `n mense-mond, maar wel soos dit van God af uitgaan. Die laaste barmhartigheidstyd wat nog groot resultate kan oplewer vir die mense wat na volmaaktheid strewe, het nou gekom, en al moet hulle onmeetlike aardse lyding ervaar, het hulle tog die voordeel as hulle die barmhartigheidsgawes benut. Want nou weet hulle dat die einde naby is, **omdat hulle die Voorloper herken**, en vol vreugde nou die Meester Self verwag. En Hy sal ook spoedig verskyn om hulle te verlos uit die groot nood en sal hulle bring in `n land van vrede, soos wat Hy belowe het.

Amein.

***Hoofstuk 4***

### Die Voorloper van JaHshua aan die einde

***BD 4878 - 13 April 1950***

4878 Uit julle midde sal iemand voortkom wat van My sal getuig, voordat Ek sal kom in die wolke en as julle van hom hoor, **dan sal julle weet dat die einde naby is.** Hy is één van die reinstes, hy is vol liefde en goedheid en is daarom innig met My verbonde. Hy sal vir julle mense 'n trooster en vriend wees, 'n bevryder uit die nood van julle Siele. Hy sal 'n helder gees hê en sal van die eindoordeel weet, **daarom sal hy die mense vermaan en waarsku in My Naam**. Hy sal 'n stryder wees vir My en My Ryk en sal volle insig hê. Hy sal dus ook weet **waar die suiwer Waarheid aanwesig sal wees.**

Daarom sal hy uit die geledere kom van hulle wat My leer van bo ontvang en hy sal deur sy lewenswandel en sy naasteliefde self van bo onderrig wees, omdat hy nog uiteindelik 'n taak sal moet vervul, naamlik om My Voorloper te wees voor My Wederkoms, want die tyd sal vervul word en die voorspellings van die profete sal in vervulling gaan. Daarom moet hy ook kom **vanuit die wat uit die Ligryk neergedaal het** na die aarde om My ontwil, **om My aan te kondig by die mense** wat in die hoogste nood en verdrukking sal verkeer.

Hy sal van My getuig, want sy stem is My Stem en wie hom aanhoor, sal My aanhoor. Tog sal hy nie lank onder julle mense vertoef nie, want voordat julle hom sal herken, sal hy al in julle midde vertoef en My teenstander sal hom vervolg en julle teen hom aanhits. **Hy sal van die Liefde spreek, maar die mense sal hom in haat aanhoor**. Hulle sal hom vervolg en sy lewe bedreig, maar Ek weet hoe om hom te beskerm totdat sy uur aangebreek het. Want hy moet sy taak volbring, hy moet vir My 'n **wegbereider** wees, hy moet **My kleine kudde opbeur en onderrig oor die spoedige Koms van die Meester**.

En wanneer hy sal optree, sal daar nie veel meer tyd oor wees nie. Sy woorde sal hard tref en die traes en besluiteloses uit hul sieleslaap opwek, want hy is die spreekbuis en deur hom wil Ek My nog eenkeer duidelik uiter. **En weer sal hy 'n Roepende in die woestyn wees** wat slegs teruggekeer het omdat Ek aan die einde 'n sterk krag nodig sal hê. 'n Krag wat van bo sal kom om julle mense te help. Maar die wêreld sal hom haat en sal alle middele aanwend om hom onskadelik te maak, ofskoon hy maar net goed sal doen en die goeie sal verkondig.

Maar die wêreld is in duisternis versonke en elke geestelike lig is uitgedoof. **Daarom sal daar op aarde 'n helder "lig" opgaan en alle ligdraers sal olie gaan haal sodat ook hulle ligte weer helderder kan brand**, die lig wat die wêreldse mense sal probeer uitdoof. En almal wat in die ware geloof staan, sal hom herken as die **Voorloper van My tweede neerdaling**. En hulle sal

weet dat die tyd vervul is en dat Ek nou verwag kan word en saam met My die laaste oordeel. En hulle sal sy woorde self ter harte neem, want hulle sal voel dat dit Ek is wat deur hom spreek, dat Ek Myself deur hom, wat My bode is, aankondig, soos wat dit bepaal is sedert Ewigheid.

Maar hy sal dit moeilik vind by die mense wat die wêreld sal aanhang en wat niks van sy vermanings en waarskuwings sal wil hoor nie. Hulle sal nie huiwer om hom te probeer doodmaak nie, ondanks die feit dat hy homself vir alle mense hulpvaardig betoon en vele ook sy hulp sal aanvaar. Hulle sal hom wil verhinder om sy taak te voltooi, maar Ek sal hom nie vroeër na My Ryk toe neem, alvorens hy My weg voorberei het nie. Nie voordat hy My koms verkondig het aan almal wat daarna verlang om My te aanskou en wie se geloof hy sal versterk omdat hy slegs sal uitspreek wat hy deur die innerlike woord van My ontvang het, **deur die gees wat op 'n buitengewone wyse in hom sal werk**. Amein.

# Lesing 9 - 12 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Voorloper van JaHshua - Barmhartigheidstydperk

***Bertha Dudde No 3276 30 September 1944***

Luister na die boodskap van God se Gees! `n Tydperk van barmhartigheid het aangebreek en julle sal die seëning daarvan voel, indien julle bereidwillig sal wees om te strewe na die koninkryk van God. Die **ligwesens** is natuurlik en voortdurend aan die werk om genadegawes vanuit die **geestelike koninkryk** oor te bring na die mense op aarde, **ligwesens is op aarde beliggaam** om die mens te dien as **geestelike gidse** gedurende die laaste dae, sodat die gedagtes van mense wat na God strewe, verlig sal word en daardeur sal hulle nader aan die waarheid kom. **Die Liefde van God sal Haarself openbaar in tye van aardse nood**, deurdat Sy hulp sal bring waar dit versoek word.

***2Esra 7:26*** *Kyk, die tyd sal kom dat die tekens waarvan Ek jou vertel het sal gebeur; die Bruid sal verskyn,* ***en Sy sal openlik vertoon word, Sy wat nou vir die wêreld verborge is.*** *[Psalm 98:2; Odes van Salomo 23:18; 30:6; 41:8; Hooglied van Salomo 3:11; Job 28:20; Boekrol van Henog 46:3; JôWEl 2:16; JeshaJaH 40:5; 52:10; 66:14; DaniEl 13:32; 1 Petrus 1:5; Judit 10:7; Openbaring 11:19]*

Gelowige mense sal buitengewone dinge volbring en die **krag van die geloof sal tasbaar word**. Baie seëninge sal manifesteer, want die teenstander sal ook alle middele aanwend om geestelike benoudheid vir mense te veroorsaak en daarom wil God hulle sigbare hulp aanbied.

Gedurende hierdie tyd van genade sal daar `n man verskyn **wie se gees van bo is**, **wie se siel heeltemal verenig sal wees met sy gees** en wie daarom ook sal spreek wat die gees aan hom onthul, naamlik die **absolute waarheid** in die mees helderste vorm.

God Self sal deur hom spreek en hy sal die mense vermaan om vol te hou en hulle daarteen waarsku om Hom nie op te gee nie. En hierdie redenaar is die **Voorloper van JaHshua** en wanneer hy verskyn, sal die koms van JaHshua ophande wees. Hierdie man sal die maat van genade aansienlik verhoog, want hy sal geweldig ondersteunend wees vir die gelowiges en sal aan die ongelowiges geleentheid bied om te glo, want hy sal lewend wees met krag en mag en sal groot invloed uitoefen op mense wat na hom gaan luister.

Sy woorde sal ontsteek en soos 'n veldbrand sprei **deur die land waar hy gaan werk**. Hy sal sonder vrees of skroom spreek, hy sal die mense inlig, hulle bedag maak en wys op die Koms die Meester in die wolke en op die Laaste Oordeel, tog sal weinig mense na hom luister, want die meeste mense sal God en Sy Gees nie meer wil ken nie, gevolglik sal hulle denkwyse totaal teenoorgesteld wees. Kortom kom dit daarop neer dat hulle nie die gawe van genade verstaan of gebruik maak daarvan nie, daarom sal die einde onafwendbaar wees, **want die afgrond sal open en alles verslind wat God nie wil herken nie en wie Sy woord verwerp**.

God gee onophoudelik en wat Hy gee is `n onverdiende gawe van genade wat ontwerp is om die mense te help om volwasse te word gedurende hierdie tye van nood. Of Hy leed of vreugde gee, dit sal die persoon altyd help om sy siel op te hef na God, dit sal altyd gerig wees op Hom, dit sal hom aanmoedig en lei op die regte pad en dit is altyd genade.

Wanneer hierdie man arriveer, sal die hoeveelheid genade vir die mense ook vermeerder, **want hy sal deur lig omstraal word en die lig sal van hom uitstraal wat hy vanuit die geesteryk ontvang.**

Hy sal **kennis** versprei en sy woord sal uiterste **wysheid** en **krag** wees en sal maklik aanvaar word, omdat dit vol oortuiging aangebied sal word en ook verstaanbaar sal wees vir die mense wat hom opmerksaam aanhoor.

Want God maak dit deur Sy liefde vir die mense maklik om te kan glo, deurdat Hy Sy bodes aan hulle stuur wat oor buitengewone krag beskik en wie daaraan al as bodes van die hemel herken kan word. Maar hy sal van alle kante aangeval word en slegs weiniges sal sy taak verstaan en by hom bly, slegs weiniges sal krag put uit sy woorde, maar hulle sal egter krag en barmhartigheid in oorvloed ontvang en sal in staat wees om die **wêreldse konfrontasies te weerstaan, naamlik die vyandigheid wat nou openlik sal plaasvind**.

Die laaste dae sal buitengewoon moeilik wees, maar ook buitengewoon barmhartig, want God sal Homself openbaar waar daar maar `n hart in nood verkeer wat haarself sal open om Sy genade te ontvang. Dus sal dit ook moontlik wees om in die laaste stryd op aarde te kan oorwin, dat die siel veilig en ongedeerd daaruit kan kom, dat sy die Ewige Lewe kan behaal indien sy voortydig van die aarde heengaan, of, as sy tot aan die einde volhard op die aarde, dat sy deur JaHshua Self in lewende lywe weggeneem kan word **om `n nuwe lewe op die Nuwe Aarde te begin.** Amen.

# Lesing 10 - 13 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

## Die Voorloper as `n helder lig

***BD 6554 - 24 Mei 1956***

Die positiewe ontwikkeling van die siel is die hoofdoel van die mens op aarde. Dog slegs weiniges, soos jouself, is daarvan bewus; slegs weiniges stel aan hulself die vraag oor die redes en **die doel van menswees.** Die meerderheid streef slegs na **aardse welstand en na alles wat die liggaam welbehae verskaf**. Maar alle mense is in staat om hulle verstand te gebruik, alle mense sou hulself die vraag kan stel wat die sin en die doel van die aardse lewe is. En alle mense sou die vraag ook beantwoord kry, want dit is die **eerste trappie omhoog**.

Maar omdat die mense nie verder as tot by hulle liggaamlike dood kyk nie, omdat hulle selde aan `n voortlewe van die siel glo; is hulle vraag na hulle aardse welsyn belangriker en hulle beskou die besig wees in aardse dinge veel dringender. Die geloof ontbreek by hulle, want sou hulle maar `n swak geloof hê - dan sou hulle innerlik geen rus vind nie, ondanks aardse welvaart.

Hoe nader dit na die einde sal loop, des te minder geloof sal daar onder die mense te vinde wees. **Daarom tree daar in die eindtyd mense op, wat op `n buitengewone wyse met God verbonde is**, wat daarom ook buitengewoon kan werk en die opmerksaamheid van die medemens na hulleself toe trek. Want God probeer waarlik nog alles om diegene te help wat net so 'n aansporing nodig het, om hulleself van die aardse doelwit bewus te maak.

Sulke mense is hier met die doel om `n taak te vervul op aarde, **beliggaamde ligwesens**. Hulle wil die nood van die medemens versag en wou vir die doel liggaamlik op aarde wandel, **sonder dat hulleself van hulle herkoms bewus is.** Die sterk verbinding met God, wat hulle egter uit vrye wil as mens tot stand bring, wat al hulle medemense ook sou kon doen, gee hulle ongewone krag. Hulle wese bestaan uit liefde en daarom het hulle so `n lewende geloof, **wat uiting vind in ongewone liefdadigheid.** In die lewendige **verkondiging van JaHshua die Messias en kragdadige hulp aan liggaam en siel in Sy Naam**.

Deur sulke mense kan baie nog tot die geloof kom, omdat hulle duidelik van `n krag blyke gee wat nie aards verklaar kan word nie. Die mense moet tot geloof gebring word en hulle moet tewens die weg na God toe gewys word, waartoe by die volledig ongelowige mensdom ongewone middele aangewend moet word, wat hulle desondanks nie tot geloof sal dwing nie. En daar sal steeds meer opgestane mense die krag van hulle geloof laat blyk, hoe nader die einde kom.

Tot daar skielik `n **groot lig sal straal, tot daar iemand sal kom** wat die naderende koms van die Meester sal aankondig en weer vir Hom die weg sal berei. Sy lig sal helder in die wye omtrek skyn, want sy verskyning sal vinnig bekend word. En ofskoon hy vir baie mense `n bron van krag en troos sal wees, sal hy tog baie vyandig bejeën word deur hulle wat voor die einde in die meerderheid sal wees, wat tot die teenstander van God sal behoort en in sy opdrag ook sal handel teen al die Goddelike geestelikes. **Hulle sal in die besonder diegene vervolg wat in die Naam van JaHshua spreek en die nabye einde verkondig.**

Maar juis omdat God se teëstander met ongewone brutaliteit sal optree in die laaste stryd op die aarde, word daar ook `n buitengewone "lig" na die aarde gestuur. Weer sal hy homself as `n liggees op aarde beliggaam soos wat dit geskrywe staan, **weer sal hy vir die Meester uitgaan en Sy koms verkondig**.

En weer sal hy homself as “**roepende in die woestyn**” bekend maak.

Hy weet wie hy is en gaan tog in alle onopvallendheid sy aardse weg, wat ook weer **met sy dood** verseël sal word. Maar al God se getroue mense sal krag by hom ontvang en altyd weer opgerig word wanneer die nood van die tyd blyk om hulle neer te werp, want hy sal in opdrag van God spreek en deur hom sal God die mense Self aanspreek. En hulle sal dan ook die belangrike taak van die **Voorloper** van JaHshua, die Messias begryp en hulle sal daarom ook die koms van die Meester bewustelik verwag, en sal nie twyfel dat hulle verlos sal word uit die grootste benoudheid nie.

Wanneer die Voorloper sal optree, het die tyd gekom wat telkens aangekondig was deur sieners en profete, want **wanneer hy sal verskyn, sal die aktiwiteit van die Antichris ook duidelik herkenbaar wees** - want hy sal die gelowiges so kwel dat hulle buitengewone hulp nodig sal hê. Die Voorloper sal sy "lig" laat skyn en dit sal in die wye omtrek uitstraal.

Waar hy ookal sal wees, die mense sal met sekerheid van hom gehoor het en die gelowiges sal weet wie agter die "lig" skuil en ook **nou sal hulle weet hoe laat dit is**. Die Voorloper van JaHshua, die Messias, sal egter vasberade sy weg gaan, ondanks vyandigheid en spraakverbod. Hy sal in opdrag van God spreek en hy sal geen ander Meester erken as slegs die Een wat hy dien nie.

**Sy taal sal inslag vind** en sal die swakkes krag gee tot verset, want daardeur sal die mense ook die moed hê om vir hulle geloof te sterf. En tog lê die lewe van elke mens in die Hande van God en slegs Hy weet wanneer die uur van redding sal slaan, wanneer Sy koms na die aarde en die wegneming van Syne sal plaasvind.

Ook die Voorloper weet van sy einde, **maar hy dien sy Meester ook nog deur sy dood.** Want daardeur sal hy die werk van die verheerliking volbring; deur sy dood sal God se mag en heerlikheid geopen-baar word, want slegs Een gebied oor lewe en dood en die Een sal Hom laat ken as Meester en as Oorwinnaar oor Sy teenstanders, wanneer die laaste dag gekom het. Hy sal diegene wat in Hom glo, lewe gee, en almal wat Sy teëstander onderhorig is, aan die dood oorgee.

Amein.

# Lesing 11 - 15 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Hoofstuk 7
Die Voorloper van JaHshua

***BD 7062 - 10 Maart 1958***

.....Ek kan nou waarlik weer telkens deur My Gees die **suiwer waarheid na die aarde stuur,** maar Ek sal nou ook nie die mense onvry maak deurdat Ek die waarheid aan hulle wil opdring nie. Maar solank mense hulself vrywillig aan My tot beskikking stel en hulself as opname houer van My Gees omvorm, solank is dit ook steeds weer moontlik om elke bestaande dwaling te korrigeer en elke onopgehelderde vraag op te helder en die mense ‘n suiwer “lig” te gee wat van My af uitgaan, die Oerlig van die ewigheid.

Maar die mense hou nog steeds met ‘n taaiheid aan die misvormde leer vas, waaragter My teenstander staan, wat altyd teen die lig van die waarheid sal stry. En so het ‘n byna ondeurdringbare nag oor die mense uitgesprei, omdat leuen en dwaling gelyk staan met duisternis. Maar vir My ligdraers word dit buitengewoon moeilik gemaak om die geesduisternis te deurbreek, omdat die mense al so verblind is, dat hulle die ware lig nie meer kan herken nie.

**Daarom sal ‘n magtige “lig” verskyn wat van My en My wederkoms in die wolke sal getuig**. Dit sal getuig van die oordeel en die wegneming van myne op die dag van die oordeel. ‘n Stralende helder lig sal verskyn en opnuut My suiwer woord verkondig. Een roepende in die wêreldwoestyn sal te voorskyn kom en die mense uit hulle doodslaap probeer wakker skud. Hy sal diegene te hulp kom **wat van My en My werke aan hulle getuig.** Hy sal die waarheid van dit **bevestig** wat deur die werke van My Gees aan die mensdom oorgebring word. Hy sal ‘n **geweldige taal** spreek en niemand regverdig wat die duister pad bewandel nie. En hy sal die magtiges ook nie vrees nie maar hulle **maskers van hulle gesigte aftrek**, hy sal hulle voor skoot stel en hulle ware gesindheid openbaar.

Hy sal stry met die “**swaard van die mond**”, want hy sal aangeval word deur hoog en laag omdat niemand die suiwer waarheid wil hoor wat in ooreenstemming is met die leer wat Ek eens op aarde gepredik het nie. Hy is dus My afgesant deur wie se mond Ekself spreek wat slegs sy laaste taak op aarde sal vervul, naamlik om My en My koms nog eenmaal aan te kondig soos wat dit geskrywe staan.

Wanneer die “lig” gaan straal sal julle weet dat My koms op hande is en ook die oordeel. Dan sal **ongewone dinge** ook deur hom plaasvind. Hy sal maar weinig geloof vind en slegs hulle wat geestelik ontwaak het, sal hom en sy missie herken. Vir die geestelike swakkes sal hy egter ‘n buitengewone sterkte en hulp wees, want sy woord sal vol krag wees.

Die laaste fase van die aarde het dan ook gekom en die heftigste teenstander van hom sal hy wees wat die **mense tot heerser uitgeroep het**, waarin My teenstander homself sal **beliggaam** om die laaste skandelike werk teen My te onderneem.

Want nou sal die geloofstryd ontbrand en myne sal in **die “lig”, wat Ekself na die aarde sal stuur, ‘n groot steun hê**. Hulle sal baie krag ontvang om stand te hou in die tyd van die grootste nood wat My koms voorafgaan. Ek laat julle My getroues, nie sonder hulp nie en sodat julle sterk kan bly **kondig Ek vir julle hierdie “lig” wat roepende is, aan**. Ek sal aan die aktiwiteite van My vyand ‘n einde maak om die waarheid na die uiteindelike oorwinning te voer. Amen

Deur die Innerlike Woord aan Nalize Roets

***Woorde aan My Volk in Suid-Afrika op 14/1/2021:***

Ek, jou Vader, JaHWèshua, spreek tot jou, geliefde **Volk, wat My aangesig soek**. Ek verbreed die **grondgebied van elkeen van julle se harte** in soverre jy My aanroep vir beskerming.

Ek sal julle verhoog bo die nasies, om 'n **helder Lig** te word, as **julle My in erns julle AS** (spil) sal maak. Laat jou ontwaking en insluimering, jou sit en opstaan, gevul wees met gedagtes aan My, lofliedere en gesprekke met My. Ek sal jou tegemoet kom en jou antwoord op My tyd. Amein.

Liefde onder mekaar is van groot belang vir oorlewing en voortbestaan. Tog roep ek elke vader en moeder tot 'n geborge eenheid om **die gesin** hulle fokus te maak. Indien almal só sal wentel om die behoud van hulle eie gesin se siele, sal die krag wat gegenereer word, **die volk se lig opwek om voorlopers in alle gebiede te word**.

Moenie die beste materiële belange vir jou gesin probeer bevorder nie, want Ek is die Gewer daarvan. **Deel die materiële met jou naaste**, maar ag die geestelike welstand van jou gesin hoog genoeg om voortdurend met My daaroor in gesprek te tree. Bid daarvoor, fokus daarop en lig dit hoër in My Lig. Ek sal elke opregte gebed beantwoord en verhoor. Die krag wat gebede opwek, is nie van hierdie aarde nie en sal die **geprofeteerde seën oor julle aktiveer**. Bid ook vir mekaar, **maar maak elke Ark 'n vesting vir behoud van die siele daarin**. Amein.

Die waters wat skommel in die vloed van hierdie tyd, **het geen reg op die siele van My kinders en hulle gesinne nie.** Elkeen wat My oproep tot **gebed vir die behoud van die siele se groei** in ag neem, sal getroos en **vol krag** die vloed tegemoet gaan. Niks sal julle skaad in die ewige nie. Amein.

Ek, JaHWèshua, trek julle op uit die verval van hierdie eeu om vir My 'n **nuwe geslag te behou, wat in My orde sal vermenigvuldig.** Ek vermaan julle om hierdie in **erns** op te neem. Ek is teenwoordig en getrou. Amein.

Volksleiding Reeks Boek 6 - Hoofstuk 8
Die Voorloper en die Geloofstryd

***Bertha Dudde 8231 - 2 Augustus 1962***

Myne sal die 'roepende in die woestyn' herken wat My verskyning sal aankondig soos wat Ek dit voorspel het, want sy "lig" sal helder straal en sy spraak sal geweldig wees. Hy sal nie bang wees in sy redevoering wat die magtiges sal aanval nie, want hy is deur My na die aarde gestuur om sy laaste missie te vervul. Om die einde van die aarde te predik en My Koms te verkondig op die dag van die oordeel.

Die wat aan My behoort, **sal deur die krag van sy taal geweldig onder die indruk wees** en hulle sal besef dat dit nie lank meer sal duur voordat Ek Self sal kom om hulle te red uit hulle nood nie. Van vroeg af egter, sal julle mense julle ook altyd weer in valse veronder-stellinge verloor **en meen om hom in baie mense te herken,** Ek sê egter aan julle; dat julle nie sal hoef te vra nie, **maar sal weet** dat dit hy is wat Ek self vooruit stuur. **Want wanneer hy sal optree, is My teëstander ook al aan die werk** op so 'n wyse, dat hy homself sal **beliggaam in `n maghebber** wat sal optree teen elke geestelike strewe en teen die geloof. Hy sal Myne nou ook deur sy handlangers erg verdruk, sodat hulle van My afvallig sal word en hulself na hom sal wend.

***Mattheus 24:21*** *Want dan sal daar* ***groot verdrukking wees*** *soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.*

*24 Want daar sal valse gesalfdes en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was,* ***ook die uitverkorenes te mislei.***

U kan dan nagaan wanneer die geloofstryd sal begin en buitengewoon baie **troos ontvang deur My Voorloper,** omdat julle dan ook sal weet dat die einde nie meer vêr is nie. Want sy missie op aarde is **nie van lange duur** nie, en ook die Antichris sal maklik herkenbaar wees – want vir hom sal **ook nie `n lang lewensduur** beskore wees nie. Die Voorloper sal kom en julle geloof versterk. Hy sal met so 'n geweldige redevoering van My getuig en My Koms aankondig, dat Myne krag uit sy woorde sal put en ook sal volhou tot aan die einde. Want Ek Self sal hulle bystaan in hulle node wat die geloofstryd met homself sal saambring.

Die 'roepende in die woestyn' sal homself nie laat teenhou nie en **openlik optree** teen die mense wat Myne vyandelik gesind is. Hy sal hulle handelinge as **afskuwelik brandmerk** en sal altyd My beskerming teenoor hulle aanvalle geniet, totdat sy uur gekom het. **Hy sal sy missie weer met sy dood koop**, maar dit mag julle nie laat skrik as julle van My is nie. Dit moet julle net versterk, omdat julle in die Waarheid is en alles so kan verwag, **soos wat Ek dit vir julle deur My Gees verkondig het.**

Die tydperk wat vir julle mense gestel was om julle van die **vormgodsdiens** te bevry, sal ten einde loop. Maar tot die laaste dag help Ek julle om tot `n korrekte geloof in My te kom, en ook die Voorloper is vir julle gestuur om julle geloof te versterk. **Wie hom wil herken, sal hom ook herken.** Wie sy woord egter afwys, is openlik `n **aanhanger van My teëstander** en wys My ook self af. Maar die lig uit die Hoogte wat helder straal, sal nie oor die hoof gesien word nie en **sy woord sal nie te negeer wees nie**. Sy lewenswandel en arbeid op aarde in die laaste tyd sal so duidelik herkenbaar wees as **Goddelike werk**, dat iedere mens hom sal kan herken en nie hoef te vra of dit hy is nie.

My teëstander sal opnuut **op dieselfde manier** wil werk, deurdat hy **verwarring** sal probeer saai en sy aanhangers beïnvloed, dat die Voorloper daar en daar te sien is. Daarom is `n **noue verbinding met My** nodig om korrek te kan onderskei en na waarheid te soek.

En daarom vertel Ek julle steeds weer dat hy eers dan sal verskyn wanneer My teëstander homself ook met die **regte uiterlike vorm** gereed sou gemaak het, waarin hy dan werk tot ontsetting van die **gelowiges**.

Hy (*Die Antichris*) sal oor groot mag beskik en sal dit nougeset in die geloofstryd gebruik. Maar dan sal hy, wat Ek self stuur, ook optree, en **hy sal die Antichris openlik aanval en hom nie vrees nie**. En daaraan sal julle hom kan herken, want ook hy beskik oor groot krag wat hy egter **in My Naam** sal gebruik. Hy sal ook **siekes genees en wonderwerke doen** en daarom sal hy heftiger bestry word deur die maghebbers wat hom teenstaan, en hulle sal ook daarin slaag dat hy `n gewelddadige dood sal sterf.

Maar die "lig" wat hy sal versprei onder Myne, sal hulle ongewoon versterk. Hulle sal My Koms vol vertroue verwag en volhard tot aan die einde, want hulle sal weet dat My Woord vervul sal word en dat alles sal gebeur soos wat Ek dit laat verkondig het in woord en geskrif. Amein.

Hoofstuk 9 - Die Voorloper en die Antichris

***BD 9007 - 3 Julie 1965***

So baie mense glo dat die inkarnasie van die 'roepende in die woestyn' ook `n teken van geestelike dwaling is. Maar dit staan vas dat hy `n **groot redenaar** sal wees **wat egter tot by sy optrede nie sal weet welke gawe aan hom toebedeel is nie**, naamlik dat hy sy woord met `n geweldige stem sal laat weerklink, dat My en My spoedige Koms aan die einde van die dae aangekondig word.

Hy sal weer voor My uitgaan en aangeval word deur diegene wat niks van `n einde wil hoor nie. Hulle sal hom bespot en hoon, omdat hy vir hulle dinge sal aankondig wat vir hulle ongelooflik voorkom, en hy sal

daarom deurgaan as `n **fantaseerder**.

Hy sal in **dieselfde tyd optree as die Antichris**, wat die **geloofstryd sal laat ontbrand**. Hy sal die Antichris **heftig bestry** en Myne sal by hom krag en troos kry. **Hy sal maar `n kort tydjie op aarde werk**, maar hy sal dit goed benut om My Woord te bring aan almal wat dit sal aanneem. My teenstanders sal hom vervolg en ter verantwoording wil roep, maar hy sal homself steeds meer aan hulle onttrek totdat sy uur gekom het waarin hy sy lewe vir My sal laat.

Dit is al meermale aan julle gesê dat hyself geen idee van sy missie het nie, **dat dit skielik oor hom sal kom** en dat hy dan deur iedereen herken sal word. Dan sal hy dit self ook weet waarom hy met **so 'n geweldige stem toegerus is** en waarom hy My moet aankondig. Dan sal hy weet dat die einde gekom het waarin Ek in die wolke sal kom om Myne weg te neem.

En dan sal die Antichris self probeer om hom in sy mag te kry, want die Voorloper pak hom in die besonder aan en **bring sy skanddade aan die lig**. Hy deins nie daarvoor terug om hom openlik aan te val nie en sal daarom deur sy vyand vervolg word.

Maar dié wat onder die heerskappy van die Antichris moet ly, **sal hy vertroos**. Hy sal hulle op My Koms wys en elk en iedereen sal hom glo, omdat hulle hulself deur sy woord aangesproke voel, asof Ek dit self tot Hulle gespreek het. **Sy woorde sal soos balsem wees** vir julle wat in angs en bekommernis wag op die dinge wat sal kom. Julle sal uit sy woorde troos en nuwe krag put en julle altyd weer versterk voel, omdat hy sal kan **bewys** dat julle Vader julle self aangespreek het; **dat julle dus sy woorde kan glo,** kan hy julle op My spoedige koms in die wolke wys.

Derhalwe sal julle op alle waarskuwinge en vermaninge ag gee wat julle van sy kant af sal bereik, **want hy sal ook in die gees by hulle wees** wat Ek vir hom te kenne gee as behorende aan My. Hy sal die bekwaamheid besit dat hy homself in julle nabyheid sal begeef, **terwyl sy liggaam êrens anders is,** want die roep om hulp tot My sal Ek deurgee en hy sal dan ook tot hulp bereid wees.

**Daarom: Julle sal hom eers herken wanneer sy missie sal begin,** maar verwag hom nie nou al nie, (geopenbaar: 1965) <u>**Eers sal My ingryping moet voorafgaan, voordat hy sal verskyn**</u>.

Dan sal die tyd egter spoedig verbygaan, want ter wille van Myne **sal Ek die dae verkort** - sodat My teëstander hulle nie nog van My afvallig kan maak nie. Want dan sal die nood groot wees en daarom sal Ek **ook sterk liggeeste aan hulle stuur**, wat hulle sal beskerm tydens elke aardse en geestelike nood.

***Mattheus 24:22*** *En as daardie* ***dae nie verkort was nie****, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.*

Maar wanneer My 'roepende in die woestyn' sy lewe sal moet gee, **dan kan julle ook elke dag My Koms verwag.** Dan sal Ek julle bring na `n **Ryk van Vrede** en alle nood sal ten einde wees.
Amein.

## Lesing 13 - 18 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Die Voorloper veg teen die beliggaamde Antichris
Openbaring 12

7 En daar het oorlog in die Hemele gekom: MikaEl en sy Boodskappers het oorlog gevoer teen die Draak, en die Draak en sy boodskappers het oorlog gevoer;

8 en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die Hemele nie meer te vinde nie.

9 En die groot Draak is neergewerp, die ou slang/ Nagash wat genoem word Duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die Aarde, en sy boodskappers is saam met hom neergewerp.

10 Toe hoor ek 'n groot Stem in die Hemele sê: Nou het die Verlossing en die Krag en die Koningskap die eiendom van onse Elohey geword, en die mag van Sy Gesalfde; want die aanklaer van ons broers is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse Elohey, dag en nag.

11 En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle Getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle siel nie liefgehad nie.

12 Daarom, wees verheug, o Hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die Aarde en die see, want die Satan het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

13 En toe die Draak sien dat hy neergewerp is op die Aarde, het hy die Vrou vervolg wat die Seuntjie gebaar het;

14 maar die twee Vleuels van die groot Arend is aan die Vrou gegee, sodat Sy na die wildernis, na Haar plek, kon vlieg, waar Sy uit die gesig van die slang/ Nagash onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. [Boekrol Job 28:20; DaniEl 7:4]

15 En die slang/Nagash het uit sy bek water soos 'n rivier agter die Vrou aan uitgegooi, om Haar te laat wegvoer deur die rivier. [Odes van Salomo 39:1; JeshaJaH 59:19]

16 En die Aarde het die Vrou te hulp gekom, en die Aarde het haar Mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die Draak uit sy bek uitgegooi het. [2 Konings 8:1 - 6]

***Jesaja 14:20*** *Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou Aarde verwoes, jou volk gedood; die* ***saad van die verderwers*** *word vir ewig nie genoem nie.*

*Isa 14:21 Maak 'n slagbank* ***gereed vir sy seuns****, om die ongeregtigheid van hulle vaders ontwil,* ***dat hulle nie opstaan en die Aarde in besit neem en die bodem van die wêreld vol stede maak nie.***

Gods Hulp in die Eindtyd. Die Voorloper (uittreksel)

***BD 8081 - 17 Januarie 1962***

....... En sodat Myne sterk bly, daarom sal hulle daadkragtige ondersteuning ervaar. Ek self sal in die Woord by hulle wees en Ek sal aan hulle ligdraers stuur wat so helder straal, dat hulle alle skaduwees sal verjaag en ook die vyande afweer wat Myne in die noute wil dryf. Ek sal die mense met My (geestelike) teenwoordigheid verbly en hulle versterk in hulle stryd teen die vyand. Enkele mense sal My kan aanskou en groot krag daaruit put, sodat hulle hierdie krag ook op hulle broers en susters sal oordra.

En dan sal u ook hoor van iemand wat My Koms aankondig, wat weer as 'roepende in die woestyn' sal verskyn en wie se "lig" u almal sal verlig en wat u ook as My Voorloper sal herken gedurende die tyd van die einde.

Ek laat u, wat van My is, en wil bly, nie in liggaamlike en geestelike nood agter nie. U is waarlik nie eensaam en verlate nie, al sien dit op aarde so daaruit. Ek Self is by u en u sal ook van My teenwoordigheid bewus word en `n onwankelbare geloof in My en My Koms aanskou, op die dag van die oordeel.

En terwille van Myne sal Ek die dae verkort, sodat hulle kan standhou tot die einde toe, want daar is geen ommekeer meer op die aarde moontlik nie. Maar daar moet weer `n aardse omkering plaasvind, want die aarde moet weer in diens staan van die ontwikkeling omhoog en van die geestelikes wat gefaal het in hulle laaste wilsbeproewing, en hulle sal opnuut gekluister moet word.

AMEN

# Lesing 14 - 20 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

## Gods Hulp in die Eindtyd. Die Voorloper (uittreksel)

***BD 8081 - 17 Januarie 1962***

....... En sodat Myne sterk kan bly, daarom sal hulle daadkragtige ondersteuning ervaar. Ek self sal in die Woord by hulle wees en **Ek sal aan hulle ligdraers stuur wat so helder straal, dat hulle alle skaduwees sal verjaag en ook die vyande afweer wat Myne in die noute wil dryf**.

Ek sal die mense met **My (***geestelike***) teenwoordigheid** verbly en hulle versterk in hulle stryd teen die vyand. Enkele mense sal My kan **aanskou** en groot krag daaruit put, sodat hulle hierdie krag ook op hulle broers en susters sal oordra.

En dan sal julle ook hoor van iemand wat My Koms aankondig, wat weer as '**roepende in die woestyn'** sal verskyn en wie se "lig" julle almal sal verlig en wat julle ook as My Voorloper sal herken gedurende die tyd van die einde.

Ek laat julle, wat van My is, en wil bly, nie in liggaamlike en geestelike nood agter nie. Julle sal waarlik nie eensaam en verlate gelaat word nie, al sien lyk dit op aarde so. Ek Self sal by julle wees en julle sal ook van My teenwoordigheid bewus word en `n onwankelbare geloof in My en My Koms aanskou, op die dag van die oordeel.

**En terwille van Myne sal Ek die dae verkort**, sodat hulle kan standhou tot die einde toe, want daar is geen ommekeer meer op die aarde moontlik nie. Maar daar moet weer `n **aardse omkering** plaasvind, want die aarde moet weer in diens staan van die ontwikkeling omhoog en van die geeste wat gefaal het in hulle laaste wilsbeproewing, en hulle sal opnuut gekluister moet word.

AMEN

## Woord van JAHSHUA aan Anelda op 17/1/2021 20h42

Omdat jy MY liefhet, sal EK jou **vooruitgaan**. Omdat jy my liefhet, sal EK vir jou **stry** en geen mag sal jou oormeester nie - maar MY **Krag uit die Hoogte** sal jou meester maak van jou omstandighede.

Omdat EK julle liefhet, sê JAH, het EK die sware las gedra om dit van julle weg te neem, want EK wil julle seën! EK wil julle seën as **Liefdeskanale**, as Fonteine uit die Bron - dit wil EK doen vir elke gewillige dienskneg **wat sy lewe in MY aflê**. (***Nuwe Gelofte***)

(Ek sien hoe ek aan en in JAHSHUA se Bors rus en Sy Teenwoordigheid is seënryk en vertroostend om my. Ek wil in Hom wees en versmelt met my oë toe totdat my wese wegraak in Hom en ek oorskadu is deur SY Grootheid en die Grootsheid van SY Liefde en Barmhartigheid.)

EK wil julle seën met **nuwe** Liefde, **nuwe** begrip. EK wil julle hart raak, EK wil julle laat **groei** in die bestaansruimte van die GEES - in die Skaduwee van MY Vleuels wil EK My kuikens grootmaak om te heers oor ál die wêreldse. Amein.

**Wees apart, want EK IS APART, rig EK aan elke hart wat hoor**. Alreeds het MY STEM jou hart bekoor, terwyl jy op My wag. EK roep jou nou na MY sodat jy in MY kan gedy.

EK roep julle tot vrug! Laat skyn julle LIG, My kinders! Laat skyn julle LIG, met vrolikheid van hart, want dan slaan die bose op die vlug!

My leërmag weer die aanvalle af, en laat lering deursyfer op julle kinders, sodat My kennis deel van hulle is. EK sal MY salwing gee op elke vader en moeder wat MY hul ERNS maak deur MY Woord in alles uit te leef. MY **Aanraking** sal in jul hande wees en so sal julle julle **bloedlyne** genees. Verskeuring en verbreking sal daar nie meer wees. Amein.

MY geliefdes nader Berg Tabor, met 'n jubelsang, want julle sal die Volheid van MY GEES ontvang. Julle het soveel geleer, **<u>kan julle hierdie ontsyfer</u>**? Tel die dae. Tel MY dae. Amein.

**Die Tyd van Oes is hier**. Groots is die tyd in die Gees. EK sal altyd met jul wees. Amein.

## DIE GELOFTE

***Julle gelofte is as volg:***

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, **dat ons U Huis sal bou,** die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. **Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U**, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. **Neem ons lewens as offer,** sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en **U ewige Apartheid** mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

## Lesing 15 - 21 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Woord van JAHSHUA aan Anelda 17/1/2021—20h42

*MY geliefdes nader **Berg Tabor**, met 'n jubelsang, want julle sal die Volheid van MY GEES ontvang. Julle het soveel geleer, **kan julle hierdie ontsyfer**? **Tel die dae. Tel MY dae**. Amein.*

***Die Tyd van Oes is hier**. Groots is die tyd in die Gees. EK sal altyd met jul wees. Amein.*

Vanaf 15 Julie 2017 tot 26 Desember 2020 **= 42 maande**, = 1260 dae = tyd, tye en n halwe tyd.

Die verheerliking van Die Meester op die berg Tabor.

***Evangelie van Matthéüs. 17:1-2***

**GJE Boek 5:234** Op die sesde, eintlik sewende dag sê **EK (JaHshua**) aan die leerlinge: "Ons het nou **ses dae** eerlik gewerk en `n goeie oes gehad, ook in die onvrugbare gebied. Nou is dit tyd dat ons weer verder gaan; want elders is nog baie velde en woestyne wat braak lê wat ons sal **bebou, seën en vrugbaar maak**.

[2] Maar voordat ons van hier af sal weggaan, moet julle hier wag totdat Ek met **Petrus, Johannes en Jakobus** weer hier na julle toe sal terugkom vanaf hierdie hoë berg, aan die voet waarvan ons nou staan, en wat Ek dadelik met die drie genoemde leerlinge sal klim!"

(UIT GAWES UIT DIE HEMEL - -JAKOB LORBER)

***Die geestelike betekenis van die verheerliking van Christus***

*"04a] Die berg **Tabor** simboliseer **die hoogste en gelyktydig die diepste erkenning (insig) van Elohim in gees en in waarheid**. Op hierdie berg van die allerhoogste erkenning bring Ek **net My lieflinge!** - **Petrus, Jakobus en Johannes** was dit ten volle. - Terselfdertyd stel hierdie drie **ook elke mens voor,** soos hy moet wees in die ware hemelse orde.*

*04b] **Petrus is die uiterlike mens**, maar wat sy wese deur allerlei beproewinge heeltemal na binne gerig het.*

*04c] **Jakobus stel die siel van die mens voor**, wat rein is en alles na die Meester rig, maar nog steeds saam met die uiterlike mens baie beproewinge moet deurstaan om die uiterlike mens heeltemal oor te haal om saam met hom, verenig in die gees, onsterflik te word.*

*04d] **Johannes stel die gees van die mens voor**, wat volledig een is met My, dus My liefde, van watter dissipel ek vir Petrus gesê het - "Hy leef!" wat beteken - **net die gees leef** en wie hom nie deur sy gees laat vervolg, vang en deurdring nie, sal geen lewe hê nie; want slegs die gees is dit waarvan Ek gesê het dat hy vir ewig leef! -*

*05] Dit alles beteken dat, soos wat Ek die drie op die berg gelei het, Ek ooreenkomstig elke mens, wat in sy drievoudige wese My aangewese orde handhaaf, op die berg van die ware lewendige erkenning van Elohim kan lei, waar hy dan in die gevoel van sy hele wese sal uitroep: "Meester! Dit is goed om hier te wees, **laat my toe om vir ewig `n woning op te rig, bestaande uit die drie hutte van liefde, wysheid en die mag uit beide**!" (einde aanhaling)*

[8] Hierop neem Ek die drie genoemde leerlinge saam met My en ons vertrek. (*Matthéüs. 17:1*) Aan één kant was die berg goed te klim en binne enkele ure bereik ons die hoogste top; vanweë sy hoogte sou die berg egter deur gewone bergklimmers eers binne twaalf of dertien uur geklim kon word, **daarom was hierdie bergklim van ons ook `n soort wonderwerk**.

[9] Nou was ons op die hoogste top waarvandaan `n mens byna die hele Galilea, Judea en Palestina kon beskou, ook `n gedeelte van die egte, groot see. Toe die drie leerlinge so van pure verrukking oor die indrukwekkende, heerlike uitsig gewoonweg straal van geluk, en My met hulle hele siel dank vir die grootse glansryke genot, **word ook Ek dermate verglans dat My gesig straal soos die son, en My klere so blinkend wit word soos vars sneeu wat deur die son beskyn word. (Matthéüs. 17:2)** Die drie leerlinge was stomgeslaan en kon van verbasing nouliks `n woord uitbring.

[10] Eers na `n kort rukkie verneem Petrus namens hulle en sê: "Meester, is ons nou al in die hemel of slegs in die paradys? Dit is asof ek baie sag fluisterende engelestemme om my heen hoor?'

[11] EK sê: "Nóg in die hemel, nóg in die paradys in specie*, maar baie eenvoudig en natuurlik op die aarde! Maar deurdat ons sowel die hemel asook die paradys deur die Krag van Elohim se Woord in ons het, omdat dit waarheid en goedheid bevat, is ons ook **daadwerklik tegelyk in die hemel en in die paradys**. Dit is dan ook wat **julle gemoed laat straal**, en omdat julle in julle gemoed vir My straal, straal ook Ek selfs na buite toe voor julle oë, sodat julle inderdaad gewaar kan word dat julle **tegelykertyd in die paradys en in die hemel is,** omdat julle innerlik vol is van die **waarheid van die geloof**, en daardeur van die **goedheid van die liefde**; want die egte hemel en die ware paradys bestaan slegs daaruit dat julle **in My moet glo en dit doen wat Ek julle leer,** en **My ten slotte in julle dade met julle hele hart moet liefhê**, en so die ware ryk van Elohim in julleself het, sonder dat dit êrens anders op enige plek bestaan. As dit egter eenmaal in julle in die besonder bestaan, is dit ook orals in die hele oneindigheid te vinde, en waar julle julleself ookal mag bevind, hier op aarde of in die maan of op een van die talle sterre wat net hemelliggame is, is julle deur julle salige broers omgewe, ook al kan julle hulle nie met julle

liggaamlike oë sien nie, vanweë julle liggame."

Die Meester in gesprek met Moses en EliJaH.

***Evangelie van Matthéüs. 17:3***

**GJE Boek 5:235** PETRUS sê: "Meester, in die Skrif staan êrens: Die siele van die gestorwe mense word in alle rus in die skoot van die aarde bewaar tot die Jongste Dag, waarop hulle dan weer uit hul lang rus opgewek sal word deur die magtige basuine van die engele. Dan sal die goeie opstaan tot die ewige lewe in Elohim se hemelryk, maar die slegtes sal vir ewig verstoot word na die ryk van die hel en voortaan gepynig word deur die duiwels."

[2] EK sê: "Hoe hierdie woorde van die profeet en van alle profete verstaan moet word, het Ek julle al so dikwels uitgelê, dat dit nou hoogs oorbodig sou wees om julle nog verdere uitleg daaroor te gee. Maar om julle daadwerklik te genees van hierdie baie verkeerde opvatting, **sal Ek nou die innerlike oog van julle siele ontsluit,** dan sal julle self kan sien hoe dit met die bepaalde rus van die siele van reeds lank gestorwe voorvaders daar uitsien, en hoe die skoot van die aarde daar uitsien."

[3] Daarop sê Ek hardop: "Epheta", wat beteken: "**Gaan oop**!"

[4] En kyk, daar verskyn twee profete, **Moses en EliJaH,** en hulle spreek duidelik met My **oor wat daar oor `n paar jaar met My sou gebeur,** en of dit nie verander sou kon word nie. (Matthéüs. 17:3) Ek verseker hul egter dat Ek onmoontlik iets anders sou kon doen as slegs dit wat die Vader wat in My is en woon, wil.

[5] Toe buig beide profete hulle diep en sê asof met één stem: "O Meester, slegs U wil is gewyd en geskied altyd en ewig soos by ons in die hemele en ook by alle mense en geeste op aarde! Beide van ons was, toe ons op aarde geleef het, groot, en het in hoë aansien gestaan terwille van U Naam; maar ons sou nou liewer saam met U wou gewees het op aarde, soos hierdie drie en die ander wat nie hier is nie, ofskoon hulle nou, en nog vir `n lang tyd terwille van U Naam, verag en vervolg word!"

[6] EK sê aan EliJaH: "Jy was tog nie so lank gelede ook saam met My op die aarde gewees, - het wat Herodes jou liggaam aangedoen het, jou goed gedoen?"

[7] ELIJAH sê: "Nie op aarde nie, maar hier des te meer en ek sou, ondanks die grootste saligheid wat nou vir ewig my deel is, uit liefde vir U nog honderd maal die weg van die vlees wil aflê, hoe ellendig en doringrig dit ookal is!"

[8] Hier word die leerlinge deur `n magtige slaap oorval, sodat hulle op die grond gaan lê en vir `n kort tyd baie vas slaap.

[9] Maar EK spreek met beide profete en sê aan EliJaH: "**Aan die einde van die tye van hierdie aarde sal jy nog `n keer in die vlees na die mense van hierdie aarde gestuur word**, maar nie meer met `n verskuilde innerlike geestelike oog nie, **maar selfs helder en nog helderder as albei vorige kere** onder die naam "Sehel" en later "EliJaH", **en broer Moses sal jou begelei, maar suiwer in die gees**; want sy vlees bly tot aan die einde van die tyd eiendom van die aarde.

[10] En dan sal al die vlees van hierdie aarde vergeestelik word; jy sal dit egter **nooit meer nodig hê nie**, omdat Ek jou al vir ewig **`n nuwe liggaam** gegee het. **<u>Waak egter goed oor die kinders van Israel</u>**, totdat Ek binnekort weer huiswaarts sal keer wanneer My grootste werk voltooi sal wees! Dan sal Ek jou ook `n vaste troon in My nuwe ryk gee. Want sien, nou is dit die tyd wat Ek jou vroeër op aarde getoon het, waarin Ek alles nuut sal skep: eerste My geesteswêreld, en later sal dieselfde ook met die materie gebeur, tot dit die korrekte graad van volledige gisting bereik is! Laat ons nou hierdie drie weer uit hul slaap opwek!"

***Evangelie van Petrus 1:35*** *En in die nag waarin die dag van JaHWèshua aangebreek het, terwyl die soldate twee-twee op wag gestaan het, het daar 'n geweldige geluid uit die Hemele geklink.*

*36 En hulle sien die Hemele geopen, en* ***twee Manne*** *wat vandaar in 'n helder glans neerdaal en die graf nader.*

*37 En daardie steen wat voor die ingang geplaas was, het vanself weggerol en opsy gaan lê, en* ***die graf is geopen en albei jong manne het daar ingegaan****.*

*38 Maar toe die soldate dit sien, het hulle die hoofman oor honderd en die oudstes wakker gemaak - want ook húlle het deelgeneem aan die wag -*

*39 En terwyl hulle nog vertel wat hulle gesien het, sien hulle weer drie Manne uit die graf kom, en twee van Hulle het die Ander ondersteun.*

*40 En hulle sien dat van die twee die hoofde tot aan die Hemele raak, maar die hoof van Hom wat deur Hulle gelei word, steek bó die Hemele uit.*

*41 En hulle hoor* ***'n Stem uit die Hemele*** *wat sê: Het U aan die ontslapenes afgekondig?*

42 En Hy het geantwoord: Ja!

# Lesing 17 - 25 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Die drie leerlinge verkeer met die geeste van Moses en EliJaH. Elohim se Gees in die mens as gids tot alle waarheid.

***Evangelie van Matthéüs. 17:4-9***

**GJE BOEK 5:236** Nou word die drietal weer wakker, hulle staan van die grond af op en sien My, Moses en EliJaH sonder ligtende glans wat baie aangenaam vir hulle was, omdat hulle, deur die te sterk lig van voorheen, baie sterk verblind was. Hulle vertel hoe hulle in hul droom **met talle profete uit vroeëre tye gespreek het** oor alle toestande van die lewe aan die anderkant, presies asof hulle op aarde was en gehandel het en hulle was oor baie geheime sake voorgelig.

[2] Moses en EliJaH onderrig hulle nog verder oor die baie **verskillende toestande in die groot hiernamaals**.

[3] Die drietal was so verruk en geseënd dat PETRUS luid uitroep: "Meester, dit is goed om hier te wees! As **U wil, sal ons hier drie hutte bou: vir U een, vir Moses een en een vir EliJaH!**" (Matthéüs. 17:4)

[4] En terwyl hulle nog oor die bou van die hutte praat, word hulle skielik deur `n digte, ligte wolk oorskadu sodat hulle bokant hulle geen handbreedte verder meer iets kon sien en kon waarneem nie.

[5] En kyk, `n Stem spreek uit die wolk: "**Kyk, dit is My geliefde Seun, in wie Ek My welbehae het, na Hom moet julle luister!"** (Matthéüs. 17:5)

[6] Omdat die drietal dit hoor soos die magtige rol van `n sterk donderslag, skrik hulle geweldig en val op hul knieë. (Matthéüs. 17:6)

[7] Maar EK gaan dadelik na hulle toe, raak hulle aan en sê aan hulle: "Staan op en vrees nie!" (Matthéüs. 17:7)

[8] Toe hulle hierop hul oë van die grond af opslaan, sien hulle niemand meer nie, **net vir My**, en het begin om hulle hewig te verbaas oor alles wat hulle gesien het en wat daar gebeur het. (Matthéüs. 17:8) Die drietal wou My nou nog oor alles vra, veral oor die betekenis van alles wat hulle in hul droom gesien het.

[9] Maar EK sê: "Dit alles sal julle gees, **wat eintlik My Gees in julle is,** aan julleself in julle siel openbaar, dan sal julle die lewe in julle hê; want as Ek dit nou vir julle sal verklaar, sal julle die verklaring in julle kennis opneem en dan glo dat dit so is, omdat Ek dit so vir julle verklaar het. Maar dan is julle nog lank nie in die volle waarheid nie en wel omrede die verklaring nie julle eiendom is nie, maar slegs van die Een waar dit aan julle vanuit Sy lewende skatte verklaar is; maar **wanneer julle gees dit vir julle in julle siel sal openbaar, is die openbaring julle eiendom, en dan bevind julle jul eers in die volle waarheid.**

[10] Die gees egter, van wie Ek sê dat hy julle gees is, is ook My Gees in julle en hy ken alle dinge en verhoudings soos Ekself, en kan julle in alle Wysheid binnelei. Maar nou is hy nog nie in julle gewek en volledig werksaam nie, dit wil sê dat hy weliswaar op homself wel wakker en werksaam is, maar sy waaksaamheid en werke is vir julle, ofskoon dit vir julle bestem is, nog iets vreemds en iets wat julle nog nie eie is nie, omdat julle siel nog nie suiwer genoeg is om haar volledig met My Gees te verenig nie.

[11] Maar eers wanneer Ek na My lyding, wat aan julle bekend gemaak is, na My hemele opgevaar het, sal Ek die **heilige Gees van alle Waarheid oor julle siel uitgiet en haar daarmee verenig**. Hierdie Gees wat dan in julle, vir ewig volledig één met julle sal wees, sal julle dan in alle Waarheid en Wysheid binnelei.

[12] Van die visioen wat julle hier gehad het, moet julle egter aan niemand iets sê, alvorens Ek nie opgevaar het nie, soos wat Ek julle nou bekend gemaak het; en sê ook niks oor wat Ek by Ceasarea Philippi verrig het nie, en ook hier benede by hierdie vissers! En nou gaan ons weer bergaf na die dorp van ons vissers!"

[13] En ons begin aan die terugweg; onderweg waarsku Ek die drietal ook dat hulle die ander broers ook niks van die visioen moes sê **totdat die vasgestelde tyd, dit wil sê, tot na My opstanding en hemelvaart nie**. (Matthéüs. 17:9)

# Lesing 18 - 26 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

Die Voorloper

***Bertha Dudde 8815 - 19 Junie 1964***

Ook op dié vraag wil Ek julle `n antwoord gee, want dit is baie gewigtig - sodat julle wat My Woord ontvang, nie onder `n verkeerde denke beland nie. Daar is baie wat glo om self die lang verwagte Voorloper te wees wat My Koms moet aankondig.

Maar altyd sê Ek weer aan julle, **dat hy in die tyd van die Antichris sal kom, dat sy optrede met die verskyning van die Antichris sal saamval en dat julle hom dan ook sal herken.**

Sy optrede sal maar **van korte duur wees** en hy sal dan verskyn wanneer die mense hom nodig sal hê, en hy sal julle **troos en hulp** verskaf.

En so sal julle hom eers dan kan verwag wanneer die laaste fase aangebreek het, **wanneer die Natuurkatastrofe verby is.**

Wanneer daar `n heerser homself **op die troon** geplaas het **wat julle duidelik as die Antichris kan herken**, en wat die **geloofstryd** sal laat ontbrand.

Eers dan sal My roepingsdienaar na vore tree en **openlik getuig** van My en My Ryk. Maar vermoed hom nie nou al nie (geopenbaar:1964) want hy sal nog nie self van sy missie bewus wees nie, wanneer hy egter sal optree, sal elke mens hom herken aan **die krag van sy stem en sy spraak**.

Hyself het geen verlange om herken te word as 'roepende in die wêreld woestyn' nie, **en tog is hy dit.** Hy sal spreek, gedryf deur die gees in homself omdat sy verlange so sterk in hom is om vir My te getuig, **om My Koms te verkondig en die mense tot ommekeer te beweeg,** dat hy elke oorweging buite beskouing sal laat, sodat hy sal spreek te midde van vyande wat soek om hom onskadelik te maak.

Maar bedink dat die tyd van die einde nog nie gekom het nie, dat daar nog altyd `n tyd van vryheid van spraak is - wat egter vinnig sal verander wanneer My ingryping deur die **Natuurkatastrofe** plaasgevind het.

Wanneer die nood onder die mensdom so groot sal wees dat niemand homself bereid sal verklaar om die groot nood te stuit nie. Dan het die tyd egter ook gekom, **want hy is die laaste van die profete en wie hom sal aanhoor, sal groot krag ontvang**.

Dit word steeds weer aan julle gesê dat hy `n **onopvallende mens** sal wees in wie julle so 'n krag van spraak al die tyd nog nie vermoed het toe hyself in alle **deemoed** sy weg gegaan het nie, maar skielik sal dit in hom deurbreek. Hy sal sy missie baie skielik insien en **hy sal `n redenaar word wat geweldig vir Elohim spreek;** wat aan elkeen My Naam sal verkondig en nie daarvoor sal terugdeins om vir My Naam te stry nie. Hy sal duidelik maak dat **Ek (JaHshua) die Verlosser van die wêreld is en stry vir My en My Ryk**.

En daaraan sal julle hom kan herken, dat hy My self sal erken as die Woord "wat vlees geword het" en dat hy **My menswording in JaHshua die Messias duidelik sal uiteensit.**

Sy redevoering sal ooreenstem met My leer wat van bo tot julle gekom het, **en dit is die teken** dat hy Johannes die Doper sal wees, die 'roepende in die woestyn', **My Voorloper**, wat weer gekom het om My Koms aan te kondig. Nie lank daarna nie sal Ek Self kom om Myne weg te neem, wanneer hulle hulself in die grootste sielenood sal bevind.

Daar sal altyd weer mense wees wat hulself inbeeld om die beliggaming van Johannes te wees. Altyd weer sal Ek hulle inlig en aan hulle sê **dat hy homself sal laat herken op ongewone wyse,** dat hy nie gesoek kan word in kringe wat hulleself daartoe geroepe voel nie.

Vanwaar julle hom **nie sal verwag** nie, sal hy kom en dit moet vir julle, wat hom vroeër verwag, voldoende wees, omdat die tyd nog nie gekom het nie. Maar dit sal nie lank meer op hom laat wag nie, en dan volg alles mekaar vinnig op, want vir hom is daar geen lang lewensduur nie. **Hy sal sy missie op aarde met sy dood betaal soos wat dit verkondig is in woord en geskrif**.

AMEN

JOHANNES

***Woensdag, 31 Oktober 2007 om 10h57 aan Marietha Nel***

Wees bly MY volk, Johannes is hier!
EK het hom vir julle gestuur
Hy het gekom om julle harte
Weer na MY te bring
Julle moet hom omring
En vra
Wat hy het om aan jul oor te dra

MY stem weerklink
In sommige harte
Dit werp uit alle smarte
Begin diep dink
Sodat MY stem insink
En EK die KONING kan wees
Van julle harte
En hou saam met MY fees
Julle eie VERLOSSER wil EK wees
EK wil jul verlos van julleself
Begin diep delf
Soek MY woord in jou
Dan kom EK gou!
As jou VERLOSSER,
REDDER,
BROEDER
En VRIEND!

# Lesing 19 - 27 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

### JaHshua oor een weduwee waarheen EliJaH sal kom

Luk 4:25 Maar Ek sê vir julle met Waarheid, daar was baie weduwees in JisraEl **in die dae van EliJaH** toe die Hemele toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n **groot hongersnood** gekom het in die hele Aarde, [1 Konings 17:1]

Luk 4:26 en na nie een van hulle is EliJaH gestuur nie, **behalwe na Sarfat* in Sidon**, na 'n **weduwee**. (* *beteken om deur n smeltkroes te gaan*)

### EliJaH en die weduwee van Sarfat

**1 Konings 17:7** Maar ná verloop van tyd het die spruit opgedroog, **want daar was geen reën in die Aarde nie**.

8 Toe kom die Woord van JaHWeH tot hom en sê:

9 Maak jou klaar, **gaan na Sarfat wat by Sidon** is, en bly daar; kyk, daar het Ek aan 'n weduwee bevel gegee **om jou te onderhou**.

10 Daarop het hy hom gereed gemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar **houtjies** bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n **bietjie water** in die kan, dat ek kan drink.

11 Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: Bring tog vir my 'n **stukkie brood** saam.

12 Maar sy antwoord: So waar as JaHWeH, u Elohey leef, ek het nie 'n broodkoek nie, net maar 'n handpalm gevul met **meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik**; en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit **vir my en my seun** klaar, **dat ons dit kan eet en sterwe**.

13 En EliJaH sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan vir my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jóu en jou seun iets klaarmaak.

14 Want so sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl: **Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat JaHWeH reën op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] sal gee**.

15 En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van EliJaH; **en sy het geëet** - sy en hy en haar gesin **dae** lank:

16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van EliJaH gespreek het.

17 Ná hierdie dinge het die seun van die vrou, die eienares van die huis, **siek geword**; en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie.

18 Toe sê sy vir EliJaH: Wat het ek met u te doen, man van die Elohim! U het na my gekom om my ongeregtigheid in gedagtenis te bring en my seun dood te maak!

19 Maar hy antwoord haar: Gee jou seun vir my. En hy het hom van haar skoot af geneem en hom **opgedra na die bo-kamer** waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê;

20 en hy het JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, 'n straf gebring deur haar seun te laat sterwe? [MattithJaHûW 17:12]

21 Daarop het hy hom **drie maal** uitgestrek oor die kind en JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, **laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer.** [MattithJaHûW 17:11]

22 En JaHWeH het EliJaHûW verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, **sodat hy weer lewendig geword het.**

23 Daarop neem EliJaHûW die kind en bring hom af uit die bo-kamer in die huis en gee hom aan sy moeder; en EliJaHûW sê: **Kyk, jou seun lewe**!

24 En die vrou sê vir EliJaHûW: Nou weet ek dit dat u 'n man van Elohim is en dat die Woord van JaHWeH in u mond Waarheid is.

### JaHshua wek die weduwee se seun vanuit die dood

**Lukas 7:12** En toe Hy naby die Poort van die stad kom, word daar net 'n dooie uitgedra, **die enigste seun van sy moeder,** en sy was 'n **weduwee**; en 'n groot menigte van die stad was by haar.

13 En toe die Meester haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel en vir haar gesê: Moenie ween nie!

14 En Hy het nader gegaan en die baar aangeraak. Daarop staan die draers stil. En Hy sê: **Jongman, Ek sê vir jou, sta**an op! [2Konings 4:32-37]

15 En die dooie het regop gaan sit en begin praat; en **Hy het hom aan sy moeder** teruggegee.

## Lesing 20 - 28 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

### Die opwek van die dooie jongman in Nahim

***Groot Johannes evangelie - Boek 9:33***

[1]Toe Ek (JaHshua) My onderrig aan hulle beëindig het, gaan Ons dadelik weer op die weg, omdat dit **langsamerhand al aand begin te word.** Binne `n uur bereik Ons Nahim. En dit spreek natuurlik vanself dat die Grieke, wat oor alles baie verwonderd was en volledig tot My leer bekeer was, ons tot in Nahim begelei het, sodat Ons `n taamlike groot karavaan gevorm het.

[2] NOTA BENE: Hier vind `n gebeurtenis plaas, wat `n groot ooreenkoms toon met die, wat homself in die eerste jaar van My onderrig in Nain (**Lukas** ***7:11****: vertaler)* in Galilea afgespeel het. Die volgende vind egter plaas in Nahim in Judea - en hierdie twee gebeurtenisse, wat baie na mekaar lyk, **moet dus nie met mekaar verwar word nie.** -

[3] Toe Ons dus met `n groot groep by die poort van die stadjie kom, dra lykdraers, begelei deur die treurendes, **`n gestorwe jong man, wat die enigste seun van `n weduwee was**, na sy graf; en die weduwee huil erg oor haar enigste seun. Toe die lykstoet vlak by Ons kom, stop dit om Ons te laat verbygaan.

[4] Maar Ek loop na die weduwee toe, troos haar en vra haar ook hoe lank haar seun al dood was.

[5] Die weduwee antwoord: "Meester! **Ek ken U nie en weet nie wie U is nie; maar U troostende woorde het my verdriet sterk versag**! Maar hoe het U te wete gekom dat die gestorwene my seun is?"

[6] Ek sê: "**Dit weet Ek uit Myself**, en Ek hoef dit nie van iemand te hoor nie."

[7] Die weduwee sê: "As U weet dat die gestorwene my seun is, dan sal U ook wel weet hoe lank hy dood is!"

[8] Ek sê: "Dit het jy goed gesien, vrou; want Ek weet ook dat jou seun drie dae gelede aan `n **felle koors** gesterf het. Maar as jy vertroue sou hê, sou Ek jou seun weer tot lewe kon wek en hom aan jou teruggee!"

[9] Die weduwee sê: "O Meester! U woorde verkwik my hart wel baie, maar `n dooie kan en sal ooreenkomstig God se belofte alleen deur Hom op die jongste dag weer tot lewe gewek word! Of is U `n groot profeet, vervul van God se Gees, sodat U met die almag daarvan ook `n dooie kan lewend maak?"

[10] Ek sê: "Dit sal jy vanaand nog te wete kom, **omdat Ek in jou herberg sal verblyf**; maar open nou die kis, want Ek wil die jong man tot lewe wek en hom teruggee aan sy verdrietige moeder!"

[11] Hierop open die draers die doodskis en Ek loop daarheen, neem die jong man by die hand en sê: "**Jong man! Ek wil dit: Staan op en wandel met jou moeder na die huis!"**

[12] Op hierdie woorde van My kom die jong man orent in die kis, en toe die mense die doeke losmaak waarmee die Judeërs hulle dooies toegedraai het, stap hy ook dadelik sterk en gesond uit die kis, en Ek gee hom aan sy grensloos verbaasde moeder terug.

[13] Dié teken veroorsaak egter by almal wat daarby aanwesig was - selfs My ou leerlinge nie uitgesonder nie - `n reëlregte ontsetting, sodat enkele op die vlug slaan en ander van louter verbluftheid verstom daarby staan en geen Woord durf sê nie.

[14] Maar Ek beveel die draers om die leë kis weg te neem, sodat moeder en seun My nou met opgewekte gemoed kon bedank vir die barmhartigheid wat aan hulle betoon is. En vol diepe ontsag doen die draers wat Ek hulle beveel het.

[15] Toe die doodskis en daarmee ook die herinnering aan die dood weggeneem was, begin as eerstes die Grieke, wat Ons tot hiertoe begelei het, My opnuut hoog te prys en te loof, en hulle sê luid: "Geen enkel mens nie, **maar alleen `n God kan dit bewerkstellig**!"

[16] En die Judeërs sê: "Ja, ja, alleen vir God is sulke dinge moontlik! Maar God is net Gees, en niemand kan Hom sien en ook nog die lewe behou nie; maar hierdie Mens sien ons en die dood bly ver, en daarom is hierdie Mens heel waarskynlik `n nuwe opgewekte groot Profeet, vervul van die Gees uit God; maar daarom is Hyself tog nog geen God nie!"

[17] Die Grieke sê: "Julle weet wat julle weet; maar ons weet ook wat ons weet! As julle sê dat alleen God so-iets kan doen en dat so `n mens maar net sulke dade kan verrig omdat hy vervul is van God se Gees, dan erken julle tog self dat God se Gees in Hom onmoontlik iets anders is as God Self! As ons Hom nou loof en prys as `n ware God, dan is ons tog beslis nader aan die bron van die groot waarheid waar al die lig en lewe uit voortkom as julle Judeërs, wat nie diegene as `n ware God beskou nie, wat sê: "**Ek wil dit**!" en nie: "**God se Gees in My wil dit**!", waarna dan ook onmiddellik gebeur wat Hy met Sy mond uitgespreek en gewil het!

[18] Ons was nog maar `n paar uur gelede heidene, toe hierdie Godmens na ons toe gekom het en my blind gebore dogter Achaia met één woord siende gemaak en ons afgodstempel netso in één oomblik sodanig vernietig het, dat daar nie die minste spoor van agtergebly het en mens selfs nie meer die plek kan sien waar dit gestaan het nie, en dit alles het Hy enkel uit Homself gedoen, dus uit Sy hoogs eie volmaakte mag. Maar as Hy nou sulke dinge doen en so handel, **moet Hyself ook `n egte God wees** en hoef Hy nie tot `n nog hoër en egte God te bid om Hom te help om `n wonder te verrig nie; **want Hy is Self al die hoogste en mees ware God!**

# Lesing 21 - 29 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

***Johannes 21:25*** *En daar is nog baie ander dinge wat JaHWèshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld (**wêreldse mense**) self, dink ek, die geskrewe boekrolle nie bevat (**begryp**) nie. Amein.*

***Groot Johannes Evangelie - Boek 9: Hoofstuk 36***

Waarom die Meester die weduwee besoek

36 Toe die weduwee die Grieke ook sien aankom, was sy bang dat hulle te min voorberei het.

[2] Maar Ek stel haar gerus en sê dat wat hulle voorberei het vir almal voldoende sou wees.

[3] Sy glo dit, en Ons gaan aan tafel sit en het meer as **voldoende te eet en te drink**.

[4] Elkeen - en veral die weduwee, wat baie goed geweet het vir hoeveel gaste hulle etes voorberei het - begin haar egter buitengewoon daaroor te verbaas dat daar nou meer as drie keer soveel gaste al `n uur lank eet en drink, **terwyl mens nog nie aan die bakke kon opmerk dat die spyse daarin minder geword het nie**. **Ook die wynkraffies lyk asof hulle hulleself opnuut vul**.

[5] Toe dit so nog `n rukkie voortduur, kom die weduwee met haar seun na My toe en sê: "O Meester, nou weet ek eers goed wie daar in U baie heilige en aanbiddelike persoon in my onwaardige huis gekom het! **Die Grieke het gelyk dat hulle die ou rabbi op sy ingebeelde Judese wysheid gewys het en so laat sien dat hulle verreweg die wysste is.** Hy het hom ook wyslik uit die voete gemaak en het vanaand nie netsoos gewoonlik na my toe gekom nie. Maar nou, o Meester, Meester, wil ek tog graag ook uit U heilige mond verneem **wat my in U oë so waardig gemaak het** dat U my, `n arme sondares, so `n barmhartigheid wou betoon!"

[6] Ek sê: "Ek ken jou lewe al goed vanaf jou geboorte, **maar Ek ken ook jou hart**, waar vele armes hulle lewe aan te danke het; **en daarom het Ek na jou toe gekom** in jou baie groot nood. Want jy is self al taamlik oud en swak, en hierdie enigste seun van jou moes jou vernaamste steun word, netsoos jy ook tereg op gehoop het; maar toe word hy siek en sterf. Omdat Ek jou verdriet en nood wel gesien het, maar daarnaas ook die nood van die vele armes wat vinnig sou optree, omdat hulle as gevolg van jou eie swakheid en hulpeloosheid steeds meer die versorging sou kwytgeraak het wat hulle tot nou toe in jou huis ontvang het, **het Ek gekom om nie net vir jou, maar ook die vele armes en ander mense wat deur allerlei nood gekwel word, op wonderbaarlike wyse te help.**

[7] Kyk, dit is die eintlike rede wat My daartoe gebring het om na jou toe te kom! **Want waarlik, waarlik, Ek sê vir julle almal: wie altyd volgens vermoë sy arm en gekwelde medemense in alle vriendelikheid barmhartigheid en liefde bewys, sal ook by My barmhartigheid, liefde en vriendelikheid vind;** want die ware ryk van Elohim, wat nou in My persoon by julle gekom het, is, **dat julle Elohim bo alles moet liefhê en julle naaste soos julleself. Wie dit doen, vervul die hele wet** en bevind hom in die volle barmhartigheid van Elohim, en die seënende Hand van JaHWeH sal oor hom uitgestrek wees. **Wie in die liefde volhard, is en bly in My en Ek in hom.** En wie in My is, netsoos Ek in hom, het die ewige lewe in hom en sal die dood nie sien en smaak nie; want op die manier is hy reeds in hierdie wêreld `n egte burger van Elohim se ryk, waarin ewig geen dood meer bestaan nie. Neem dit almal goed ter harte en handel daarvolgens; want Ek het in hierdie wêreld gekom om die mense die ware Ryk van Elohim te bring en hulle **te verlos van alle blindheid en die dood van hulle siele**, wat julle tot nou toe stewig gevange gehou het. As iemand van julle nou nog iets wil weet, kan hy dit vra, dan sal Ek hom antwoord gee."

# Lesing 22 - 30 Januarie 2021 - Die VOORLOPER aan die eindtyd

***Groot Johannes Evangelie - Boek 9: Hoofstuk 39***

### Jakobus vra na die geestelike betekenis van die opwekking van die dooie jong man

**HFS 39** (**Jakobus sê**) [4] Maar U daad hier in Nahim het my buitengewoon beweeg, en ek beken hier openlik: **In hierdie daad van U skyn `n heel besondere, diep geestelike en profetiese betekenis verborge te lê.**

[4] Uiteindelik lê daar in **elkeen** van U vele leringe en dade wel `n diep geestelike sin verborge, en baie daarvan het ek al in die verborgene vir myself ontrafel; maar agter hierdie daad van U lyk volgens my gevoel **iets besonder groots en vir die toekoms baie belangrik verborge te wees**, en ek voel nou `n magtige groot verlange om van U, al is dit maar enkele, aanwysings te kry oor waarna hierdie daad van U in voorspellende sin verwys!"

[8] **JaHshua** spreek: Kyk, waarom Ekself as `n Menseseun in hierdie wêreld gekom het, het Ek vir julle, en ook baie ander mense maar al te gereeld vertel, onder voortdurende verwysing na die profete, en hier het Ek dit al vroeër opnuut aangeroer. Ek het julle egter ook al meer as voldoende getoon hoe My leer, wat werklik `n deur Myself **nuwe gemeente** (kerk ) is, in die komende tye onder die mense sy loop sal neem. Ek het dit ook in Jerusalem aan julle getoon met groot tekens aan die uitspansel; en sien, wat hier nou gebeur het, **kom ooreen met die laaste en allerdonkerste tyd, waarin My leer sal ontaard** tot `n duisend maal groter afgodediens as wat daar tot nou toe ooit `n suiwer goddelike leer ontaard het, en waarvoor mense sal sterf en deur die priesters gewyd gemaak en salig verklaar sal word en dat hulle selfs vir hulle vergane gebeentes altare en tempels sal bou en hulle daarin goddelike eer sal bewys.

[9] Vir julle, My leerlinge, het Ek al by verskeie geleenthede openlik gesê en getoon **dat My ryk nie van hierdie wêreld is nie** en dat julle jul ook nie besorg moet maak oor wat julle die volgende dag sal eet en drink nie; maar dat julle moet probeer om die ryk van Elohim en sy geregtigheid onder die mense te versprei en julle julleself deur niemand pligmatig daarvoor moet laat betaal nie, **maar alleen aanneem wat die liefde van die mense julle in My Naam sal gee** - want julle het alles verniet van My ontvang, en verniet moet julle dit ook weer aan ander gee!

[10] Ook het Ek aan julle en aan die ander sewentig leerlinge, wat Ek in Emmaus uitgestuur het om die mense die evangelie uit die hemele te verkondig, gesê dat niemand twee mantels moet hê nie, geen tas om iets in te sit en ook geen stok om hom teen `n vyand te verweer nie; **want My Naam, My woord en My barmhartigheid moet vir elkeen genoeg wees**!

[11] So het Ek julle en vele ander mense ook getrou en openlik gesê dat julle niemand moet veroordeel, om nie eenmaal self veroordeel te word nie, en dat julle ook niemand moet vervloek en verdoem en nooit iemand vyandig moet vervolg nie, om nie dieselfde te moet ondergaan nie; want met die maat waarmee julle self sal meet, sal julle ook terugbetaal word!

[12] Ja, julle moet bid vir wie julle haat en vervloek, en goed doen aan diegene wat trag om julle kwaad te doen; **dan sal julle die beloning van My kan verwag** en op die manier gloeiende kole op die hoofde van julle vyande stapel en hulle eerder tot julle vriende maak!

[13] Kyk, Ek het julle beveel om te onderrig, te lewe en te handel onder die vlag van die ware en egte naasteliefde en Ek het julle ook gesê dat mens julle altyd as My ware leerlinge sal herken aan **die feit dat julle mekaar as broers sal liefhê,** netsoos Ek julle self liefhet, en **dat mens My egte volgelinge altyd aan die werk van onbaatsugtige naasteliefde sal herken**.

[14] Maar kyk, so sal dit nie in die baie duister tyd wees nie, **maar juis lynreg teenoorgestel** aan hierdie leer, wat Ek julle volgens waarheid geopenbaar het!"

### Oor die geestelike omstandighede van ons tyd

**Hfs 40** (Die Meester:) "**In dié tyd sal die ware geloof en die suiwer liefde heeltemal uitdoof**. In plek daarvan sal daar onder die **ergste strafregtelike wette** `n **waangeloof** aan die mense opgedring word, netsoos ook `n **kwaadaardige koors** die menslike liggaam die dood opdring. **En as daar een of ander deur My gees versterkte gemeente sal opstaan teen die valse leraars en profete** wat in die goud, silwer, edelstene en ander groot aardse goedere bid en wat hoogmoedig, heerssugtig en selfsugtig soos hulle is, **hulle aan die mense voordoen as julle enig ware opvolgers en My plaasvervangers** om ten hoogste vereer te word, en as die gemeente hulle sal toon dat hulle juis die teendeel is van hoe hulle hulleself met die brutaalste en godvergete onbeskaamdheid vir die mense aanbied, deur hulle te dwing om alleen by hulle hulle sieleheil en die waarheid te soek, dan sal daar **stryd en oorloë en vervolgings** wees, netsoos wat daar sedert die begin van die mense op hierdie aarde **nog nie plaasgevind** het nie.

[2] Maar die allerergste en allerduisterste toestand **sal nie lank duur nie**, en dan sal dit gebeur dat die valse leraars en profete uiteindelik **die doodsteek vir hulle-self sal gee.** Want dan sal My gees, dit wil sê **DIE GEES VAN ALLE WAARHEID,** ontwaak onder die op vele maniere gekwelde mense, **sal die son van die lewe geweldig begin te straal** en die nag van die dood sal in haar ou graf ondergaan.

[3] Ek het julle die duistere tyd, wat Ek nou weergee, al verskeie keer voorspel en het dit nou maar net weer genoem, sodat julle des te makliker die ooreenkoms kan ontdek tussen **die gebeurtenis van vanaand en die toekomstige tyd.**

[4] Kyk, **die klein dorpie**, wat aan byna alle kante deur

heidense dorpies en distrikte omring is, word nog deur `n klein aantal **Judeërs** bewoon, wat hulle netsoos enkele **ortodokse Samaritane** in `n **suiwerder Judeërdom** bevind en vir wie die wette van die tempel merendeels `n gruwel is! Hulle sien die slegte en troebel handelswyse van die tempel baie goed, hoewel hulle hulleself nie daarteen kan verset nie. Hulle bure is heidene, wat weliswaar ook niks vir hulle afgode oorhet nie, maar terwille van die uiterlike skyn tog nog moet maak asof dit vir hulle belangrik is. Maar eintlik glo hulle al in heeltemal niks anders meer nie as in `n goeie wins, wat hulle op een of ander manier kan buitmaak.

***Jesaja 1:7*** *Julle Aarde is 'n verlatenheid, julle stede is met vuur verbrand,* ***verbasterdes verteer julle Adamah*** *[die adamiet se Aarde] in jul teenwoordigheid,* ***sy is verwoes*** *en omvergegooi deur verbasterdes .*

*8 En die* ***Dogter van Sion*** *het oorgebly soos 'n skermpie in 'n Wingerd, soos 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin,* ***soos 'n beleërde dorpie****.*

*9 As JaHWeH van die skeppings-leërmagte vir Ons nie 'n* ***klein oorblyfsel*** *oorgelaat het nie - soos Sodom sou Ons geword het, Ons sou net soos Gomorra gewees het.*

[5] **Kyk, dit sal in die tyd wat deur My voorspel is, ook so wees, maar dan op groot skaal, wêreldwyd!**

[6] **Een suiwer gemeente sal op soortgelyke wyse as dié dorpie voortbestaan**, eers omgewe deur mense sonder enige geloof, wat maar net allerlei winsgewende industrieë sal bedryf en hulle nie oor My suiwer leer en nog minder oor die berugte heidendom van Rome in die tyd sal bekommer nie. **Onder sulke omstandighede sal die suiwer gemeente dan ook begin te lyk soos `n <u>bedroefde weduwee.</u>**

[7] My **suiwer leer** sal lyk soos die weduwee wat so treurig was en wie se dooie seun Ek weer tot lewe gewek het; **en die geloof beteken die dooie seun, wat Ek opgewek het**. Hy word gedood deur die **kwaadaardige koors**, wat weer ooreenkom met die **wêreldse mentaliteit wat vol winsbejag is**, waartoe ook hierdie mense hier oorgegaan het, en wel op grond van die **weersinwekkende en slegte bedrieëry van Jerusalem** en daarnaas ook op grond van die totale afwesigheid van die **heidene** wat die dorp omring, wat in die voorspelde vreeslike toekomstige **tyd die naam "industrieë" sal hê**.

[8] Op grond van dit alles gaan die voorheen suiwer, synde dus ook **die jong geloof** - omdat dit eers ongeveer sestien jaar gelede ingeburger geraak het deur `n Samaritaan wat hier kom woon en wat die eggenoot van hierdie weduwee was - nou te **gronde deur die koors van die wêreldse mentaliteit,** omdat hy sterf en Ons hom as `n dooie ontmoet.

[9] Maar dan kom Ekself, bekeer die heidene en kom met hulle hierheen, **op die mees treurige aand van hierdie gemeente; Ek maak die dooie geloof weer lewend en gee dit weer terug aan die weduwee, dus aan die suiwer leer van Elohim.** En na hierdie daad van My, sal **alle heidene ook hierheen kom**, wat weer opnuut die tot lewe gewekte geloof in **één, enig ware Elohim sal aanneem** en hulle lewe sal inrig volgens Sy wil wat Hy aan hulle bekend gemaak het.